

**‘N LINGUISTIESE ONDERSOEK NA DIE TRADISIONELE
KLEURTERME VAN NOORD-SOTHO**

deur

ESTHER ELIZABETH KELLERMAN

SKRIPSIE

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER IN DIE LETTERE EN WYSBEGEERTE

in

AFRIKATALE

aan die

Universiteit van Pretoria

STUDIELEIER: Dr. E. Taljard

AUGUSTUS 2003

DANKBETUIGINGS

Graag betuig ek my dank teenoor die volgende persone:

Dr. E. Taljard, my studieleier, vir haar sinvolle en bemoedigende leiding.

Prof. D.J. Prinsloo vir sy vriendelike hulp tydens gebruik van die elektroniese databasis.

Die volgende ses informante, wat as moedertaalsprekers van Noord-Sotho, baie entoesiasies en hulpvaardig was gedurende hierdie studie:

- 1 Dr. Mmalencoe Moroe-Rulashe, 'n Navorsingsveearts by die Afdeling Toksikologie, LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-Instituut, gebore in Thabanchu.
- 2 Mnr. Charles Dire, 'n diere-gesondheidstegnikus van Ditsobotla.
- 3 Mnr. Sathekge, 'n Noord-Sotho by die Departement Afrikatale aan die Universiteit van Pretoria, te Pietersburg gebore.
- 4 Mev. Margaret Malele, 'n Sepedi-lektrise by die Universiteit van Suid-Afrika en SACTE, in die Nebo-distrik te Marishane gebore.
- 5 Mnr. Lehotlo Ephraim Matjuda, 'n Veekundige en Adjunk-Direkteur van die LNR-Diereverbeteringsinstituut, gebore in Louis-Trichardt.
- 6 Mev. Ramokone Tryphina Kgatla, 'n senior lektrise van Sepedi aan die Universiteit van die Noorde te Louis-Trichardt gebore. (Aangesien informant 5 & 6 broer en suster is en dieselfde verwysingsraamwerk volg, word hulle gedurende hierdie studie as 'n eenheid beskou.)

My ouers, wat my ten alle tye ondersteun het.

ABSTRAK

‘N LINGUISTIESE ONDERSOEK NA DIE TRADISIONELE KLEURTERME VAN NOORD-SOTHO

deur

Esther Elizabeth Kellerman

Studieleier: Dr. E. Taljard

Departement Afrikatale

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir ‘n Magister in Afrikatale

In hierdie studie is ‘n linguistiese ondersoek na die tradisionele kleurterme van Noord-Sotho uitgevoer. Die navorsing het bestaan uit drie afsonderlike fases. In al drie fases het die klem op twee aspekte geval, naamlik ondersoek is ingestel na die aard van die konsep wat elke kleurterm onderlê, asook die aard en omvang van die seleksievereistes waaraan hierdie terme se antesedente moet voldoen. Tydens die eerste fase is die definisies van geselekteerde kleurterme, soos in drie standaard Noord-Sotho woordeboeke verskaf, bestudeer en met mekaar vergelyk. Hierdie woordeboeke sluit die volgende in: *Pukuntšū*, *The New Sesotho Dictionary* en die *Groot Noord-Sotho Woordeboek*. Daar is uiteraard in besonder verwys na (a) die beskrywing van die kleur soos dit in die definisies verskaf word, en (b) die seleksievereiste ten opsigte van die antesedent gegee. Die term ‘kleurterm’ is opsigself problematies, aangesien die definisies van hierdie terme veel meer as bloot kleurverwysings insluit. Wanneer hierdie terme egter in Noord-Sotho woordeboeke nageslaan is om sodoende die definisies met mekaar te vergelyk, is dit duidelik dat daar weinig eenstemmigheid is rakende (a) die konsep wat die kleurterm onderlê, en (b) die seleksie-vereistes waaraan hierdie terme se antesedente moet voldoen. In fase twee is onderhoude met ses moedertaalsprekers van Noord-Sotho gevoer waarna die beskrywings deur hierdie informante gebied, dan op dieselfde wyse as die woordeboekinskrywings geanaliseer is. Die informante was almal professionele persone met besondere taalvaardighede en kennis van vee. ‘n Elektroniese datakorpus (soos saamgestel deur die Departement Afrikatale van die Universiteit van Pretoria) is in die derde fase geraadpleeg. Tydens bostaande fase is inligting ingewin rakende die gebruiksfrekwensie van hierdie terme en is sekere afleidings gemaak ten opsigte van seleksievereistes. Laastens is ‘n

sintese gemaak uit die inligting wat gedurende bogenoemde drie fases ingesamel is. Soos uit die voorafgaande verduideliking blyk, is hierdie ‘n praktiese ondersoek wat binne die veld van die taalgebruikskunde val. Daar kan hoogstens beweer word dat die konsepsualisering van kleure en die wyse waarop hierdie konsepsies in taal weergegee is, sy grondslag in die psigo-linguistiek het. Vanweë die besondere aard van die studie is daar dus nie binne ‘n streng teoretiese raamwerk gehandel nie.

SLEUTELTERME

Linguistiese ondersoek

Tradisionele kleurterm

Aard van die konsep

Seleksievereistes

Antesedent

Elektroniese datakorpus

Gebruiksfrekwensie

Sintese

Taalgebruikskunde

Psigo-linguistiek

Teoretiese raamwerk

ABSTRACT

A LINGUISTIC INVESTIGATION OF THE TRADITIONAL COLOUR TERMS OF NORTHERN SOTHO

by

Esther Elizabeth Kellerman

Study Leader: Dr. E. Taljard

Department of African Languages

Presented in partial fulfillment of the requirements for a Masters Degree in African
Languages

In this study a linguistic investigation of the traditional colour terms of Northern Sotho was carried out. The research comprised three separate phases. In all three phases two aspects were emphasised, namely, the nature of the concept underlying each colour term and the nature and extent to which the selection requirements of the term affected the antecedent. In the first phase, the definitions of selected colour terms, as given in three standard Northern Sotho dictionaries, were studied and compared. These dictionaries included: *Pukuntšu*, *The New Sesotho Dictionary* and the *Groot Noord-Sotho Woordeboek*. Special reference was made to (a) the description of colour as given in the definition, and (b) the selection requirements with regard to the antecedent. The concept “colour term” itself is problematic as the definitions of these terms encompass more than mere references to colour. When comparing the definitions of these terms in Northern Sotho dictionaries, however, little unanimity could be found regarding: (a) the the concept underlying the colour terms, and (b) the selection requirements of these terms in respect of the antecedent. In phase two, six mother-tongue speakers of Northern Sotho were interviewed. The descriptions of the colour terms provided by these respondents were then analysed in the same manner as that of the dictionaries. The informants were all professional people with notable linguistic ability and knowledge of livestock. An Electronic Data Base (compiled by the Department of African Languages, University of Pretoria) was consulted in the third phase of study. The objective of this phase was to collect data on the frequency of use of these colour terms and in light of this to make deductions on their selection requirements.

Finally, a synthesis was made of the information collected during the three phases. As indicated above, this is a practical study falling within the ambit of the science of language-usage. At most it can be claimed that the conceptualisation of colour and the manner in which it is reflected in language, has a psycho-linguistic basis. As a result of the nature of the study, it could not always be carried out within a strict theoretical framework.

KEYWORDS

Linguistic investigation

Traditional colour term

Nature of the concept

Selection requirements

Antecedent

Electronic Data Basis

Frequency of use

Synthesis

Science of language usage

Psycho-linguistic

Theoretical framework

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1/ INLEIDING

Probleemidentifikasie	1
Metodologie	2
Doelwitte.....	2
Teoretiese begronding.....	3
Hoofstukindeling.....	6

HOOFSTUK 2/ 'N ANALITIESE ONDERSOEK NA DIE DEFINISIES VAN GESELEKTEERDE KLEUR-TERME SOOS VERVAT IN DRIE ERKENDE NOORD-SOTHO WOORDEBOEKE:

Inleiding	7
Analise van geselekteerde kleurterme	8
Gevolgtrekking en Samevattende Tabel	22

HOOFSTUK 3/ 'N ANALISE VAN MOEDERTAALSPREKERS SE KONSEPSUALISERING VAN TRADISIONELE KLEURTERME

Inleiding	25
Die kleurbeskrywings van informante	26
Die aard van die antesedent	30
Gevolgtrekking en Samevattende Tabel	35

HOOFSTUK 4/ 'N ONDERSOEK NA KLEURTERME AAN DIE HAND VAN 'N ELEKTRONIESE DATAKORPUS

Inleiding.....	39
Analise van geselekteerde kleurterme	40
Gevolgtrekking en Samevattende Tabel	53

HOOFSTUK 5/ SINOPSIS

Inleiding	55
Analise van geselekteerde kleurterme	55
Gevolgtrekking en Samevattende Tabel: Die aard van die antesedent.....	69
Gevolgtrekking en Samevattende Tabel: Kleuromskrywings van die bronne.....	74
Slot	77
Lys van geraadpleegde werke	79

‘N LINGUISTIESE ONDERSOEK NA DIE TRADISIONELE KLEURTERME VAN NOORD-SOTHO

HOOFSTUK 1 | INLEIDING

1. Probleemidentifikasie:

Daar is tans ‘n tekort aan bronne wat die tradisionele Noord-Sotho kleurterme aanspreek. In bestaande grammatikas van Noord-Sotho, veral dié wat op moedertaalsprekers gemik is, asook in antropologiese studies soos dié van Mönnig (1978) word klem gelê op tradisionele kleurterme se gebruik binne die tradisionele opset om die voorkoms van veral beeste te beskryf. In die Noord-Sotho kultuur word baie waarde geheg aan veeteelt, wat dus die rede is waarom die kleurbeskrywings van beeste uiters gedetailleerd is, en ook waarom daar só ‘n wye verskeidenheid van tradisionele kleurterme bestaan. Volgens Mönnig (1978: 169) openbaar die Pedi-man ‘n persoonlike liefde vir sy beeste - hulle word by die naam geken en veewagters skryf gereeld prysdigte oor geliefde beeste. Mans inspekteer die kondisie van hul kuddes daaglik en aangesien beeste van verskillende eenaars saam wei, is dit belangrik dat elke man die presiese fisiese voorkoms van sy vee moet ken. Hierdie uitkenningsvermoë is ook van uiterste waarde tydens hofgedinge omdat akkurate beskrywings eienaarskap in die hof kan bewys. Die term ‘kleurterm’ (Engels ‘colour term’) is opsigself problematies, aangesien die definisies van hierdie terme veel meer as bloot kleurbeskrywings insluit: dit verwys tot ‘n groot mate na die totale fisiese voorkoms soos in die hele spektrum van kleure vergestalt. Wanneer hierdie terme in Noord-Sotho woordeboeke nageslaan word om sodoende die definisies met mekaar te vergelyk, is dit duidelik dat daar weinig eenstemmigheid is rakende (a) die konsep wat die kleurterm onderlê, en (b) die seleksievereistes wat hierdie terme ten opsigte van die antesedent uitoefen. Dit word byvoorbeeld gewoon aanvaar dat hierdie tradisionele ‘kleurterme’ gebruik word om na beeste (soms kleinvee) te verwys, maar selfs ‘n oppervlakkige ondersoek bring spoedig aan die lig dat hierdie terme saam met ‘n verskeidenheid van antesedente gebruik kan word. Gevolglik is dit vir ‘n nie-moedertaalspreker bykans onmoontlik om hierdie terme korrek te konsepsualiseer en/of te gebruik. Die probleem is egter nie beperk tot nie-moedertaalsprekers nie, aangesien persone met Noord-Sotho as moedertaal soms dieselfde probleme ondervind. Hierdie

leemte wat tans in die grammatikas van die taal bestaan ontnem die student van kennis aangaande 'n uiters interessante en unieke komponent van die Noord-Sotho taal.

2. Metodologie:

Die navorsing bestaan uit drie afsonderlike fases. In al drie fases val die klem op twee aspekte: in die eerste plek word ondersoek ingestel na die aard van die konsep wat elke kleurterm onderlê en tweedens word die aard en omvang van die seleksievereistes waaraan hierdie terme se antesedente moet voldoen, ondersoek. Gedurende die eerste fase van die navorsing word die definisies van geselekteerde kleurterme soos verskaf in drie standaard Noord-Sotho woordeboeke, naamlik *Pukuntšu*, *The New Sesotho Dictionary* en die *Groot Noord-Sotho Woordeboek* bestudeer en met mekaar vergelyk, uiteraard met besondere verwysing na (a) die beskrywing van die kleur soos dit in die definisies verskaf word, en (b) die seleksie-vereiste ten opsigte van die antesedent. Fase twee behels onderhoudvoering met ses moedertaalsprekers van Noord-Sotho. Hierdie informante is geselekteer op grond van hul besondere taalvaardighede asook hul uitsonderlike kennis van diere, veral vee. Die informante is almal professionele persone, met beroepe wat wissel van 'n veearts, 'n veekundige Adjunk-Direkteur van die LNR-Diereverbeteringsinstituut, tot senior Noord-Sotho-dosent aan die Universiteit van die Noorde. Die beskrywings wat die informante bied, word dan op dieselfde wyse as die woordeboekinskrywings geanaliseer. In die derde fase word 'n elektroniese datakorpus (SediPro), soos saamgestel deur die departement Afrikatale van die Universiteit van Pretoria, geraadpleeg. Gedurende hierdie fase word inligting ingewin rakende die gebruiksfrekwensie van hierdie terme en kan sekere afleidings gemaak word ten opsigte van seleksievereistes. In die laaste instansie word 'n sintese gemaak uit die inligting wat gedurende bogenoemde drie fases ingesamel is.

3. Doelwitte:

Met die oog op bogenoemde, is die doelwit van die projek om ondersoek in te stel na die aard van tradisionele kleurterme, met spesifieke verwysing na die wyse waarop hierdie terme gekonseptualiseer word, gevolg deur die seleksievereistes wat die gebruik daarvan bepaal.

3.1 *Doelstellings van die Projek:*

- a) Om vas te stel in watter mate die definisies van tradisionele kleurterme wat in standaard Noord-Sotho woordeboeke verstrek word, ooreenstem in hul beskrywing van (i) die aard van die kleurkonsep, en (ii) die seleksievereistes ten opsigte van die antesedent.
- b) Om ondersoek in te stel na die mate waarin ses informante van professionele agtergrond (Noord-Sotho moedertaalsprekers) se beskrywings van kleurterme (ten opsigte van bogenoemde i) aard en ii) seleksievereistes) ooreenstem en/of verskil.
- c) Om die tradisionele kleurterme van Noord-Sotho deur middel van 'n elektroniese datakorpus te verken. In hierdie geval word informasie aangaande die aard van die antesedent versamel om sodoende afleidings te maak rakende die seleksievereistes.
- d) Om 'n sintese te formuleer uit die inligting soos reeds ingewin gedurende bogenoemde drie fases.

4. Teoretiese begroning:

Soos uit die voorafgaande paragrawe blyk, is hierdie 'n praktiese ondersoek wat binne die veld van die taalgebruikskunde val. Vanweë die besondere aard van die ondersoek, word daar nie binne 'n streng teoretiese raamwerk gehandel nie. Daar kan hoogstens beweer word dat die konsepsualisering van kleure en die wyse waarop hierdie konsepte in taal weergegee word, sy grondslag in die psigo-linguistiek het, gevolglik word in die volgende paragraaf 'n kort psigo-linguistiese perspektief op algemene kleurterme gegee.

4.1 *'n Psigo-linguistiese perspektief op kleurterme:*

Volgens Berlin & Kay (1969) soos aangehaal deur Louwrens (1993), bestaan daar 'n universele inventaris van elf basiese kleurterme. Uit hierdie groep selekteer die onderskeie tale substelle vir benoeming van kleure, of sommige tale aanvaar selfs die universele inventaris in sy geheel as deel van hul grammatika. Louwrens (1993) het hierdie bewerings van Berlin & Kay (1969) op die Noord-Sotho kleurterme toegepas en bewys dat hul sogenaamde 'universalist' benadering inderdaad deur die Noord-Sotho data ondersteun word. Volgens Louwrens (1993: 121) beweer Berlin & Kay (1969) dat daardie elf basiese kleurterme uit die volgende bestaan: 'wit, swart, rooi, groen, geel, blou, bruin, pers, pienk,

oranje en grys’. Hierdie terme word in ses gedeeltelike fases in spesifieke volgorde verdeel. Tale word onderwerp aan ‘n vaste volgorde van ontwikkelingsfases wanneer sy bestaande kleurterminologie uitgebrei word. Hierdeur word impliseer dat ‘n taal sy kleurterminologie sal inisieër deur terme vir wit en swart vas te stel, terwyl terme vir ‘rooi, groen en/of geel, blou en bruin’ later sal volg (in dié spesifieke volgorde). Daar bestaan dus tale wat slegs basiese terme vir wit en swart het. Noord-Sotho is ‘n taal wat slegs oor vier basiese kleurterme beskik, naamlik wit, swart, rooi en groen.

Kleurterminologie hou sterk verband met die gebruiksfrekwensie van kleure – wit en swart is kleure wat algemeen gebruik word en alle tale behoort oor basiese terme vir hulle te beskik. ‘Pienk’, ‘pers’, ‘oranje’ en ‘grys’ is kleure wat aansienlik minder gebruik word in alledaagse beskrywings – dus sal hulle nie deel uitmaak van die basiese kleur-terminologie van alle tale nie. Basiese kleurterme moet egter aan ‘n spesifieke stel reëls voldoen om as sulks erken te word. Die kleurterm **-sêhla/-tshêhla** ‘grys’ word byvoorbeeld nie as basiese kleurterm erken nie, aangesien hierdie term na ‘n ander kleur ook verwys, te wete ‘geel’. ‘n Verdere reël waaraan voldoen moet word is dié van ‘morfologiese eenvoud’. Kleurterme in Noord-Sotho wat na vroulike diere verwys, aangedui deur die **-ana** suffiks, bv. **-thamagana** ‘rooi en wit vroulike dier’ (van **-thamaga**); **-pudutšwana** ‘grys vroulike dier’ (van **-pududu**) asook diminutiewe afleidings soos **-khubetšwana** ‘rooierig’; **-talanyana** ‘groenerig’; **-sehlanyana** ‘gryserig’, ens. kwalifiseer volgens bogenoemde reël dus nie as basiese kleurterme nie. Die Noord-Sotho kleurterme **pinki**, **phephure** en **namune** (‘pienk’, ‘pers’ en ‘oranje’ onderskeidelik) word ook nie as basiese kleurterme erken nie, aangesien hulle van ander tale soos Afrikaans en Engels afgelei is, derhalwe ‘leenwoorde’ genoem.

‘n Ander vereiste waaraan basiese kleurterme moet voldoen, is dat skakerings van ‘n kleur nie aanvaar word nie. Die term **-tsôôthwa** ‘donkerbruin’ word dus om hierdie rede nie as basies beskou nie. Vir die doel van hierdie ondersoek, word daar gefokus op die tradisionele kleurterme van Noord-Sotho. Hierdie terme word egter ook nie as basiese kleurterme erken nie, aangesien hulle toepassing op ‘n klein, eksklusiewe klas van objekte het. Hierdie hoogs komplekse sisteem van kleurterme wat aan gedomestikeerde diere soos beeste verbind word, het in realiteit ontwikkel as gevolg van die kulturele behoefte om tussen beeste te kan onderskei op grond van hul kleurpatrone. Volgens Louwrens (1993: 123) beweer Palmer (1981) : “Colour vocabularies are not solely based upon the physical

features, i.e the scientific definitions of colour, but also upon the cultural needs of a specific speech community”. Die tradisionele kleurterme word derhalwe nie as basiese kleurterme beskou nie, bv. **-nala** ‘rooi en wit manlike dier’; **-nalana** ‘rooi en wit vroulike dier’; **-khunou** ‘rooi os of bul’; **-khunwana** ‘rooi koei of vers’; **-tilo** ‘bruin manlike hond met kolle’; **-tilwana** ‘bruin teef met kolle’.

Dit is duidelik uit bogenoemde dat Noord-Sotho slegs oor vier basiese kleurterme beskik, te wete **-šweu** (wit); **-so** (swart) ; **-hubêdu** (rooi) en **-tala** (groen), aangesien alle ander terme bloot nie aan die vereistes soos deur Berlin & Kay (1969) opgestel, voldoen nie. Die feit dat elke persoon kleure uit ‘n ander perspektief konsepsualiseer, word deur Louwrens (1993: 121) geopper: “Is a red herring really ‘red’ and a white rhinoceros really ‘white’, and is there any ‘blue’ in the colour of a blue wildebeest?” Hierdie bewering word inderdaad gestaaf tydens hierdie ondersoek aangaande die tradisionele kleurterme van Noord-Sotho. Sowel die woordeboeke as die informante se beskrywings het by tye só drasties verskil dat geen afleidings gemaak kon word ten opsigte van òf die kleur òf aard van die antesedent nie. Die persepsie van kleur by mense is inderdaad ‘n komplekse onderwerp. Gordon (1989) word só in Louwrens (1993: 121) aangehaal: “ One can only respond with wonder when shown some of the remarkable things which the senses can do”.

5. **Hoofstukindeling:**

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding

Hoofstuk 2: ‘n Analitiese ondersoek na die definisies van drie erkende Noord-Sotho woordeboeke. – Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel in watter mate die definisies van tradisionele kleurterme wat in standaard Noord-Sotho woordeboeke verstrek word, ooreenstem in hul beskrywing van (a) die aard van die kleurkonsep, en (b) die seleksievereistes waaraan die antesedent moet voldoen.

Hoofstuk 3: ‘n Analise van moedertaalsprekers se konsepsualisering van tradisionele kleurterme. – Ondersoek word ingestel na die mate waarin ses informante se beskrywings van kleurterme (ten opsigte van die aard en seleksievereistes) rakende die antesedent ooreenstem en/of verskil.

Hoofstuk 4: ‘n Ondersoek na kleurterme aan die hand van ‘n elektroniese datakorpus. – Die verkenning van tradisionele kleurterme van Noord-Sotho deur middel van ‘n elektroniese datakorpus. In hierdie geval word inligting rakende die aard van die antesedent versamel om sodoende afleidings te maak aangaande die seleksievereistes asook gebruiksfrekwensie van genoemde terme.

Hoofstuk 5: Samevattende hoofstuk. – ‘n Samevatting word geformuleer uit die inligting wat ingewin is gedurende die bogenoemde drie fases.

HOOFSTUK 2 | ‘N ANALITIESE ONDERSOEK NA DIE DEFINISIES VAN GESELEKTEERDE KLEURTERME SOOS VERVAT IN DRIE ERKENDE NOORD-SOTHO WOORDEBOEKE

Inleiding

Hierdie hoofstuk ondersoek die omskrywings van drie standaard Noord-Sotho woordeboeke aangaande geselekteerde tradisionele kleurterme. Die omskrywings van terme in die betrokke bronne sal ondersoek word om te bepaal in welke mate dit ooreenstem óf verskil ten opsigte van die kleur self, asook ten opsigte van die aard van die meegaande antesedent. Die onderstaande termomskrywings is aangehaal uit die onderskeie woordeboeke. Termomskrywings word in tabelvorm verskaf, terwyl ‘n bespreking/analise van elke term daarna sal verskyn. In hierdie studie word slegs op naamwoordelike bepalers gefokus, ten einde die omvang van die studie te beperk.

Vir die doel van hierdie studie het die keuse op drie bronne geval (wat as gesaghebbende/standaard woordeboeke in Noord-Sotho beskou word), naamlik Kriel, T.J. & Van Wyk, E.B. 1989. *Pukuntšu Woordeboek*. (Vierde hersiene en uitgebreide uitgawe.) Pretoria: J.L. van Schaik. Kriel, T.J. 1950. *The New Sesotho-English Dictionary*. Johannesburg: aPb. Publishers and Booksellers. Ziervogel, D. & Mokgokong, P.C. 1975. *Groot Noord-Sotho Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik. *Die Pukuntšu Woordeboek* (vierde en hersiene uitgawe, 1989) is gebruikersvriendelik en maklik bekombaar, asook ‘n redelik moderne woordeboek wat enige termvernuwing sal aantoon. Die tweede bron is *The New Sesotho Dictionary*, wat as Engels/Noord-Sotho woordeboek moontlik ‘n alternatiewe perspektief mag verskaf. Hierdie woordeboek is nie maklik verkrygbaar nie en tans uit druk. Die termomskrywings daarin vervat het ‘n ietwat ouderwets karakter. Die laaste bron wat in hierdie ondersoek benut word, is die *Groot Noord-Sotho Woordeboek* (1975). Hierdie is die mees omvattende bron wat uitgebreide termomskrywings aan die leser verskaf. Dit is ‘n multitalige woordeboek (Afrikaans/Engels/Noord-Sotho) wat veral vir die meer gevorderde student van nut is. Bostaande woordeboeke is geselekteer omdat hulle mekaar aanvul om sodoende ‘n volledige studie te verseker. In hierdie ondersoek sal die volgende afkortings gebruik word: *Pukuntšu* (*Puk*); *The New Sesotho Dictionary* (*NSD*) asook die *Groot Noord-Sotho Woordeboek* (*GNSW*). Ná afloop van die hoofstuk volg ‘n

samevattende tabel om sodoende die ooreenkomste en verskille tussen die woordeboeke uit te wys.

Analise van geselekteerde kleurterme:

Die kleurterme wat vir hierdie studie geselekteer is, is gekies op grond van inligting bekom deur persoonlike kommunikasie met dosente, informante *vide infra*, woordeboeke en 'n elektroniese datakorpus. Hierdie terme kan uiteraard nie as 'n volledige inventaris van alle tradisionele kleurterme beskou word nie.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-hlaba	Lig-bruin.	Dark brown with yellow patches about the nose (of a domestic animal).	Vaal met bruin oor die nek en rug// fawn with brown on the neck and back; e- vaal os/bul (net diere)// fawn ox/ bull (animals only); yêna o bê a le yô mohlaba sy was taamlik lig van kleur// she was of a fairly light complexion.
-hlabana/-nahlabana		Dark brown with yellow nose (female animal).	Fem < -HLABA.

ANALISE:

By die bestudering van bogenoemde definisies is dit duidelik dat dit bykans onmoontlik is om 'n idee te vorm ten opsigte van die werklike semantiese inhoud van die term **-hlaba**. Beskrywings wissel van donkerbruin, tot vaal, tot ligbruin en in een van die definisies word na geel vlekke op die neus verwys; 'n verwysing wat in geen van die ander definisies voorkom nie. Dit wil egter voorkom of almal basies 'n 'bruin' kleur omskryf, wisselend in skakerings. Geen seleksie-restriksie/seleksiebeperking word deur *Pukuntšu Woordeboek (Puk)* gespesifiseer nie, terwyl *The New Sesotho Dictionary (NSD)* aandui dat die stam slegs gebruik kan word om na sogenaamde gedomestikeerde diere te verwys. Dit sluit beeste,

perde, donkies, skape, bokke en selfs honde in. In *Groot Noord-Sotho Woordeboek (GNSW)* word aangedui dat die term **e hlaba** slegs gebruik kan word om na diere te verwys, maar tog word ‘n os/bul spesifiek uitgesonder. Te oordeel aan die kongruensiemorfeme wat in die ander voorbeeld verstrekk word, **yo mo**, verwys die antesedent in die voorbeeld na ‘n naamwoord in klas 1, wat noodwendig ‘n mens sal wees (**yena o be a le yo mohlaba**). Dit wil dus voorkom of die betekenis van die stam **-hlaba** hoogstens as verwysend na ‘n ‘bruin gedomestikeerde dier’ weergegee kan word. Die vroulike variant **-hlabana/-nahlabana** gee dieselfde kleuromskrywing. Daar word gevolglik afgelei dat die vroulike vorm ‘enige gedomestikeerde dier’ kan omskryf.

KLEURTERM (MET VARIANT)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-kêbjja	Rooi/bruin dier met wit kolle/spikkels.		Rooi of bruin met wit stippels (bokke en skape)// red or brown with tiny white spots (goats and sheep).
-kêbjana			Fem. < -KEBJA .

ANALISE:

Albei woordeboeke waarin die term gedefinieer word, beskryf die kleur waarna dit verwys as ‘rooibruin met wit kolle of spikkels’. In *Puk* word aangetoon dat die antesedent waarmee hierdie stam beskryf word, enige dier kan wees, maar volgens *GNSW* verwys dit slegs na bok-en skaapramme. Soos uit die definisie van die *GNSW* blyk, word die variant **-kêbjana** gebruik om vroulike geslag aan te dui. Die basiese beskrywing van die kleur bly onveranderd.

KLEURTERM	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-kgwabana	Gespikkel, swart met wit rug, bont (vroulike diere).	Fem., spotted, speckled.	

ANALISE:

In beide definisies word ‘n verwysing na ‘bont’ of ‘gespikkeld’ aangetref. ‘n Verdere uitbreiding rakende die kleurbeskrywing word in *Puk* gevind, naamlik ‘swart met wit rug’. Slegs in *Puk* word gespesifiseer dat hierdie stam slegs gebruik kan word om antesedente wat na diere verwys, te beskryf. Dit is opvallend dat beide woordeboeke aandui dat hierdie stam na enige vroulike diere verwys- ‘n betekenisimplikasie wat in die suffiks **-ana** opgesluit lê. In geen woordeboek kon enige verwysing na die (moontlike) bestaan van ‘n manlike vorm **-kgwaba** opgespoor word nie.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-kgwadi	Swart met wit rug bees.	A black and white male animal, white- backed ox or bull.	Fem. -kgwatšana , swart met wit rug (bees)// black with white back (beast).
-kgwatšana/ -nakgwadi			fem. < -KGWADI.

ANALISE:

In die bestudering van die definisies, is dit ooglopend dat al die betrokke woordeboeke ooreenstem ten opsigte van die term **-kgwadi** se verwysing na ‘swart met wit rug’. Uit die definisies kan afgelei word dat hierdie stam slegs met verwysing na ‘beeste’ gebruik kan word. Die gebruik van die term ‘beast’ as Engelse ekwivalent vir Afrikaans ‘bees’ val (egter) vreemd op. Verdere verfyning ten opsigte van verwysing na ‘bul’ en ‘os’ kom in twee gevalle voor. Beide *NSD* en *GNSW* dui ‘n seleksie-restriksie in die beskrywing van ‘n bul aan, terwyl *NSD* ‘n verdere uitbreiding bied in die insluiting van ‘n os. Die woordeboeke se definisies stem verder ooreen deur aan te dui dat die stam na ‘n manlike dier verwys. Alhoewel *Puk* dit nie pertinent verwoord nie, word dit wel geïmpliseer aangesien vroulike diere se definisies ‘n ekstra verklaring van ‘vroulike dier’ bevat. Die stamme **-kgwatšana** of **-nakgwadi** se definisies word slegs deur *GNSW* beskryf, waarin na ‘n koei verwys word. Die betekenisimplikasie lê in die **-ana** suffiks asook die **na-** prefiks. *GNSW* verskaf nie die kleur van die stam nie, maar verwys die gebruiker terug na die stam **-kgwadi**. Die basiese beskrywing van die kleur bly dus onveranderd by die vroulike stamme **-kgwatšana/-nakgwadi**.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTSU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-kgwapa/ -kgwaapa	Swart vroulike bees met grys aan die nekvel.		(Fem. -kgwapana) swart met grys aan nekvel (bees)// black with grey under neck (cattle).
-kgwapana/ -kgwaapana			Fem. < -KGWAPA .

ANALISE:

Die stam word slegs deur *Puk* en *GNSW* gedefinieer, waarin die kleur beskryf word as ‘swart met grys aan die nekvel’. Die aard van die antesedent word beperk tot gebruik slegs by beeste, maar die ooglopende verskil in die verklarings van hierdie stam lê in die geslag waaraan dit gekoppel word. Volgens *Puk* verwys **-kgwapa** na ‘n ‘vroulike bees’, oftewel ‘n koei, terwyl die definisie in die *GNSW* impliseer dat dit na ‘n manlike dier verwys. *GNSW* verwys verder na die vroulike vorm van **-kgwapa** as **-kgwapana**. Die korrektheid van die inskrywing in *Puk* staan egter onder verdenking aangesien die stam **-kgwapa** nie deur die normale vormlike merkers van ‘vroulike geslag’, te wete die suffikse **-na** of **-ana**, gekenmerk word nie. *GNSW* verwys in sy definisie van **-kgwapana** terug na die sogenaamde manlike vorm **-kgwapa**, waaruit afgelei kan word dat die basiese kleur onveranderd bly. Die vroulike vorm waarna *GNSW* verwys, is sigbaar in die suffiks **-ana**. Daar kan wel aanvaar word dat die stam, ongeag van geslag, na ‘n ‘swart bees met grys aan die nekvel’ verwys.

KLEURTERM	PUKUNTSU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-kgwaripa	Skimmel/ gespikkelde (manlike) dier.	Roan coloured.	

ANALISE:

In beide definisies word verwys na ‘n ‘skimmel’ kleur, (in Engels ‘roan coloured’). *Puk* brei verder uit deur die beskrywing van ‘gespikkeld’ by te voeg. In *Puk* word gespesifiseer dat die stam slegs gebruik kan word om antesedente wat na manlike diere verwys, te beskryf. *NSD* koppel nie ‘n spesifieke geslag aan die stam nie. In geneen van die

woordeboeke word 'n verwysing na die (moontlike) voorkoms van 'n vroulike vorm **-kgwaripana** aangetref nie.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-khulông/ -khulôu -khunông/ -khunôu	Rooi manlike bees.	Brown (red) ox or bull.	(n-) di- (khulông) (alt.) KHUNÓNG , cf. KHUNOU), fem. nakhulong , rooi manlike bees// red male head of cattle.
-khulwana/ -nakhulwana/ -nakhulông/ -khunwana/ -nakhunwana			Fem. < KHÚLÓNG .

ANALISE:

Die drie woordeboeke stem ooreen ten opsigte van die 'rooi/rooibruin kleur' van die stamme. In die lig van die feit dat die foneme /l/ en /n/ dikwels in Noord-Sotho as variante binne dieselfde fonologiese omgewing voorkom, laat dit die vermoede ontstaan dat die stamme **-khulông/-khulôu/-khunông** en **-khunôu** bloot fonologiese variante van mekaar is. Die stamme word verder slegs saam met 'n antesedent wat na beeste verwys, gebruik. Volgens die *GNSW* is die vorme **-khulwana/-nakhulwana/ -nakhulông/-khunwana** en **-nakhunwana** bloot die vroulike teenhangers van **-khulông**. Die basiese kleur van die stam bly dus onveranderd. Vroulike geslag word ook in hierdie geval deur **na-** en **-ana** gemerk.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-nala	Rooibont os/bul.	Red and white (male); fem., nalana.	Fem. (na) nalána , bruin of rooi met kolle op pens// brown or red spotted on belly.
-nalana/-nanalana	Rooibont koei.	Red and white (female).	Fem. < -NALÁ .

ANALISE:

In al die definisies kom 'n verwysing na 'rooi en wit' voor, terwyl *GNSW* meer omskrywend is deur die konsep van 'bruin of rooi met kolle op pens' by te voeg. Die term **-nala** kan vermoedelik gebruik word om na enige manlike dier te verwys, hoewel *Puk* se beskrywing spesifiek na beeste verwys. Die vorme **-nalana/-nanalana** word bloot gebruik om dieselfde kleurbeskrywing ten opsigte van vroulike diere te verstrek.

KLEURTERM	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-nkgwê/ -nkhwê	Swartwitrug os/ bul.	Animal with white stripes on the back.	Fem. NKGWANA , v. KGWANA .
-kgwana/ -nkgwana/ -nkhwana/ -nakgwana	Grys onder nek en bors, gestippeld (bokke).	Fem., white-backed cow or heifer.	(Fem.) grys onder nek en bors, gestippeld (net bokke)// fawn under neck and chest, speckled (goats only).

ANALISE:

Puk beskryf die kleur van die antesedent as 'swart met 'n wit rug', maar *NSD* verwys bloot na 'wit strepe op die rug', sonder om die basiese kleur te benoem. Wanneer die kruisverwysing wat in die *GNSW* verstrek word, nagegaan word, is die beskrywing van die kleur wat hier ter sprake is, ietwat uit pas met die definisie/omskrywing wat in die ander twee woordeboeke gegee word, naamlik 'grys onder die nek en bors'. Dit val egter op dat *Puk* en *NSD* beide na 'n sogenaamde 'witrug' verwys en hierdie omskrywing word aanvaar. Wat die aard van die antesedent betref, verwys *Puk* spesifiek na 'n os/bul, *GNSW* na bokramme, terwyl *NSD* bloot na manlike diere verwys. Alhoewel die bronne verskillende antesedente beskryf, kan afgelei word dat almal wel na 'manlike diere' verwys. Dit is egter die vroulike variant **-kgwana** wat tot verwarring lei. *GNSW* omskryf (soos in die manlike vorm, **-nkgwê**, se geval) 'n 'grys onder die nek en bors' kleur, maar *Puk* verskaf nou by die vroulik ook dieselfde kleuromskrywing en nie (soos by die manlike definisie) enige verwysing na 'n 'swartwitrug' kleur nie. *NSD* beskryf weereens 'n 'witrug' koei/vers, maar die ander twee bronne se omskrywings van **-kgwana/-nakgwana** as 'grys onder die nek en bors' sal aanvaar word. Ook by die aard van die antesedent verskil *Puk* se manlike definisie van die vroulike omskrywing. Die vroulike vorm verwys na 'bokooie',

so ook by *GNSW*, dus word die afleiding gemaak dat **-kgwana/-nakgwana** ‘n kleuromskrywing van bokooie met ‘n grys kleur onder die nek en bors verskaf.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-phaswa	Swartbont manlike dier.	Black and white (male).	Swart met wit kolle op lieste// black with white spots on flanks.
-phaswana	Swartbont vroulike dier.		
-naphaswana	Swartbont koei.		Fem. < PHASWA .

ANALISE:

Wanneer die bostaande definisies met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat die woordeboeke ooreenstem ten opsigte van die ‘swart met wit’ kleur waarmee die stam verbind word. *GNSW* spesifiseer in sy beskrywing dat wit kolle op die lieste voorkom. Die woordeboeke plaas geen spesifieke seleksie-restriksie op die dier waarna die antesedent verwys nie, buiten dat dit slegs vir manlike diere geld. In die beskrywing van die vorm **-phaswana/-naphaswana** dui die affikse **na-** en **-ana** op reëlmatige wyse die vroulike vorm aan. Die basiese kleur waarmee die antesedent verbind kan word, bly onveranderd. Dit is opvallend dat *Puk* se definisies van die vroulike vorms **-phaswana** en **-naphaswana** ietwat afwyk ten opsigte van die aard van die antesedent, omdat laasgenoemde meer spesifiek ‘n koei beskryf. Die implikasie is egter dat **-phaswa** en **-phaswana/-naphaswana** enige diere mag beskryf.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-phefadu	Bruin manlike dier.	(Male), brown, a chocolate brown.	(n-) di- , fem. phefatšwana , cf. -SOTHO , (manlike dier) bruin// brown (male animal).
-phefatšwana			Fem. -PHEFÁDU .

ANALISE:

Die betrokke woordeboeke beskryf die kleur waarna die antesedent verwys as ‘bruin’. Die gebruik van die term **-phefadu** word beperk tot die beskrywing van manlike diere. Slegs *GNSW* definieer die variant **-pheatšwana** (met ‘n terugverwysing na **-phefadu**) en beskryf hierdie stam as die vroulike vorm van die stam **-phefadu**, ‘n betekenisimplikasie wat deur die suffiks **-ana** aangedui word.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD-SOTHO WOORDEBOEK
-phirwa	Swart skaapram/hamel.		Swart (net skape)// black (sheep only).
-phirwana	Swart skaapooi.		Fem. < -PHIRWA.
-naphirwana	Donker skaapooi.		Fem. < -PHIRWA.

ANALISE:

Die stam word slegs deur *Puk* en *GNSW* gedefinieer as verwysend na ‘swart’. *Puk* en *GNSW* spesifiseer beide dat hierdie stam slegs gebruik kan word om antesedente wat na skaapramme verwys, te beskryf. In die beskrywings van die variant **-phirwana** word die vroulike vorm aangedui deur die **-ana** en **na-** affikse. *GNSW* verwys die leser terug na die manlike vorm **-phirwa** en dit kan aanvaar word dat die basiese kleur en beskrywing van die antesedent onveranderd bly. ‘n Afsonderlike definisie van die ander vroulike variant **-naphirwana** word ook verskaf, aangesien *Puk* se definisie effens afwyk van die **-phirwana** beskrywing.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD-SOTHO WOORDEBOEK
-phiswa	Donkerbruin bul/os.	Dark brown male animal.	Donker bruin (bees)// dark brown (cattle).
-phiswana/ -naphiswana	Donkerbruin koei.		Fem < -PHISWA.

ANALISE:

In die drie definisies word die kleur van die antesedent as ‘donkerbruin’ gespesifiseer. Volgens die *NSD* kan hierdie stam gebruik word om na enige manlike dier te verwys; *Puk* en *GNSW* beperk die verwysing van die stam tot (manlike) beeste. Daar kan vervolgens

afgelei word dat die term **-phiswa** verwys na ‘n donkerbruin bul/os. Die vroulike variant **-phiswana/-naphiswana** word nie deur *NSD* beskryf nie, maar volgens die bronne wat wel hierdie stam omskryf, bly die basiese kleur van hierdie vroulike variant onveranderd. Die vroulike vorm word weereens deur die **-ana** en **na-** affikse aangetoon.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-pududu	Grys; hlogo e pududu, grys hare/kop.	Adj., grey, dark blue.	Dim. -pudutšwana , cf. -BUDUDU , (alt. vir -BUDUDU by alle klasse) // (alt. for -BUDUDU with all classes); malêdu a mapududu/malêdu a mabududu grys baard// grey beard; lefofana lê lepududu grys veer; (kgomo) ê- manlike grys bees//grey-coloured male head of cattle.
-pudutšwana	Grys vroulike dier.	Feminine of pududu, a roan animal.	Fem. < -PUDUDU .
-napudutšwana	Skimmel koei/merrie.		

ANALISE:

Uit bogenoemde definisies is dit ooglopend dat die kleur waarna die stam verwys, dié van ‘grys’ is, *NSD* brei die definisie uit deur ‘donker blou’ te akkommodeer in sy omskrywing. Die stam word nie beperk tot die gebruik van diere nie, maar die assosiasie van **-pududu** met haar/baardkleur is duidelik waarneembaar. *Puk* en *NSD* omskryf die variant **-pudutšwana** as verwysend na vroulike diere. Dit is opvallend dat hierdie term nie ook na haarkleur kan verwys, soos in die manlike stam **-pududu**, se geval nie. Die ander variant **-napudutšwana** word slegs deur *Puk* beskryf, maar die verskil tussen die definisies (soos deur *Puk* verskaf) van **-pudutšwana** en **-napudutšwana** is effens verwarrend, aangesien **-napudutšwana** ‘n skimmel kleur omskryf en na ‘n koei of merrie verwys. Dit wil dus voorkom of die persepsie bestaan dat **-pudutšwana** met enige vroulike dier verbind word, terwyl **-napudutšwana** slegs gebruik kan word om na koeie te verwys. Die vroulike vorm word deur die affikse **-ana** en **na-** suffiks aangedui.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-romo/ -thomo	Swartbont (bees).		Swartwit bont// black and white spotted; lešela lê lerômo ‘n swart- wit-bont lap// black and white spotted material; <i>kgômo ê thômo</i> ‘n swart-wit bees// a black and white spotted head of cattle.
-thongwana	Swartbont/ gevlekte vroulike dier.		Fem. < THOMO .

ANALISE:

Beide *Puk* en *GNSW* verskaf kleurbeskrywings van ‘n ‘swartbont’ kleur. Die aard van die antesedent word by *Puk* beperk tot manlike beeste, oftewel ‘n bul, terwyl *GNSW* ook die beskrywing van ‘n bul akkommodeer, maar die stam verder verbind met voorwerpe anders as diere, soos aangedui deur die voorbeeld ‘swart-wit’ lap. Die *GNSW* sluit in sy verwysing die klankverharde vorm van **-romo**, naamlik **-thomo**, in, wat slegs met beeste (in klas 10) gebruik kan word. Dit blyk uit die *GNSW* se definisie van **-romo** dat hierdie stam saam met enige voorwerp wat nie in klas 8, 9 en 10 voorkom nie, gebruik mag word. Die vroulike vorm **-thongwana** verskaf dieselfde kleuromskrywing, maar verwys blykbaar na enige vroulike dier.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-seêga/- tsheêga/ -tshêga	Rooibont bees.	Striped red and white.	(-tsheêga) (adj.) v. -SEÉGA .
-seêgana/ -tsheêgana/ -tshêgana/ -nasêgana -natsheêgana		Feminine of tshêga.	Fem < -TSHEÉGA .

ANALISE:

Die elemente rooi en wit word in *Puk* en *NSD* teruggevind. *GNSW* verwys die leser terug na die onversterkte stam, naamlik **-seêga**, maar dit is ongelukkig 'n dooie verwysing, aangesien die stam nie in hierdie woordeboek gedefinieer word nie, wat veroorsaak dat geen afleiding ten opsigte van *GNSW* se definisie gemaak kan word nie. Wat die aard van die antesedent betref, impliseer die definisie in *Puk* dat die antesedent 'n bees is sonder enige verwysing na manlik/vroulike geslag, maar *NSD* bied geen seleksie-restriksie ten opsigte van hierdie stam se gebruik nie. Daar word aanvaar dat bostaande term na 'n 'rooi en wit' (manlike) dier verwys. In die bestudering van die variant **-tsheêgana** of **-nasêgana/-natsheêgana** beskryf *NSD* en *GNSW* die stam as die vroulike vorm van **-tsheêga**. Die basiese kleur waarna die variant **-tsheêgana** verwys bly onveranderd. Hierdie term kom nie in *GNSW* voor nie.

KLEURTERM	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-thamaga/ -thamakga	Rooibont manlike dier.	Red and white (ox).	Rooi witrug (bees)// red with white back (cattle); rooi witrug os/bul// red with white back ox/ bull.
-thamagana/ -thamakgana -nathamagana		Red and white cow.	Rooi-witrug koei// red with black cow.

ANALISE:

By die analisering van die betrokke definisies, is dit opvallend dat 'rooi en wit' in al drie woordeboeke voorkom. Die *GNSW* verskaf 'n verdere uitbreiding ten opsigte van die beskrywing van die kleur, naamlik 'rooi witrug'. *Puk* definieer die aard van die antesedent as verwysend na (enige) 'manlike dier', terwyl *NSD* en *GNSW* die gebruik van hierdie stam beperk tot dié van 'n os, óf tot 'n bul en os, onderskeidelik. Daar word vervolgens afgelei dat die term **-thamaga** na 'n 'rooi en wit' bul verwys. *GNSW* verwar egter die gebruiker aangesien die Afrikaanse verwysing van die term **-thamagana** na 'rooi en wit' verwys terwyl die Engelse vertaling 'red with black' aandui. Die vroulike variante **-thamagana/-nathamagana** word slegs deur *NSD* en *GNSW* omskryf. Dit is weereens duidelik dat hierdie term deur middel van die suffiks **-ana**, en prefiks **na-** 'n vroulike vorm aandui. Die basiese kleur of aard van die antesedent bly onveranderd.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-thêtlwa	Wit met swart kop (skaap).		Wit met swart kop (net skape)// white with black head (of sheep only).

ANALISE:

By bestudering van die beskrywings deur al die betrokke woordeboeke verskaf, is dit duidelik dat die kleur waarna hul verwys dié van ‘wit met ‘n swart kop is’. Volgens die twee omskrywings word spesifiek skaapramme beskryf. Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat die term **-thêtlwa** na ‘n wit skaapram met ‘n ‘swart kop’ verwys. Die bronne bied geen verwysing na die (moontlike) bestaan van ‘n vroulike variant **-thêtlwana** nie.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-tilo/-tilú	Swartbont manlike dier, gespikkel, swart met wit kolle, bruin gestreep.	Spotted; e-, brown spotted dog (male).	Bruin met donkerbruin strepe (bees)// brown with dark brown or fawn stripes (cattle).
-tilwana	Swartbont/gespikkel de/ bruin gestrepte vroulike dier.	Spotted; e- brown spotted dog (female).	

ANALISE:

Dit is duidelik uit bogenoemde beskrywings dat die kleurbeskrywings wissel van ‘swartbont’, ‘swart en wit gespikkel’, tot ‘bruin’ en selfs ‘donkerbruin’. Die definisie wat in *Puk* gegee word, verskaf ‘n onduidelike beeld van die kleur, aangesien verwysings na ‘swartbont’, ‘gespikkel’, asook ‘bruin gestreep’ in dieselfde omskrywing voorkom. Dit wil egter voorkom of die bronne in die algemeen na ‘n ‘bruin’ kleur verwys. Wat die aard van die antesedent betref, beperk *NSD* die antesedent as verwysend na ‘n ‘hond’, maar die *GNSW* dui aan dat dit gebruik word om ‘n bees te beskryf. Volgens *Puk* is daar ‘n seleksiebeperking verwysend na enige manlike dier. In hierdie geval wyk die beskrywings ooglopend af van mekaar, dus word aanvaar dat bostaande term ‘enige gedomestikeerde dier’ beskryf. Die vroulike variant, **-tilwana**, skep dieselfde probleme rakende die aard én

kleuromskrywing van die antesedent en word gevolglik ook as ‘bruin gedomestikeerde dier’ beskryf.

KLEURTERM (MET VARIANTE)	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-tšhumu	Bles manlike dier (perd).	White-faced male animal.	Wit aan die gesig, rooi-of swartbont met bles// b. whitefaced, red or black with spots and a blaze.
-tšhungwana/ -natšhungwana	Bles vroulike dier.	Fem. of tšhumu.	Fem. < -TŠHUMU .

ANALISE:

Ná die bestudering van die term **-tšhumu** se onderskeie beskrywings is dit duidelik dat die antesedent verwys na ‘n ‘witgesig-dier’. Die woordeboeke stem ooreen in hul aanduiding dat die stam gebruik kan word om na enige manlike dier te verwys, maar *Puk* beperk die verwysing spesifiek na ‘n ‘hings’. Die *GNSW* verskaf ook ‘n verdere beskrywing, naamlik ‘rooi of swartbont met bles’. In die variant **-tšhungwana/ -natšhungwana** bly die basiese kleur onveranderd. In die beskrywings van **-tšhungwana/-natšhungwana** dui die affikse **-ana** en **na-** op vroulike geslag.

KLEURTERM	PUKUNTŠU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-tsima		A pitch black ox.	

ANALISE:

Slegs *NSD* definieer hierdie term; verwysend na ‘n ‘gitswart kleur’, (Engels ‘pitch black’). Die aard van die antesedent word beperk tot die beskrywing van ‘n ‘os’. Geen ander woordeboek verskaf die definisie van hierdie term nie, sodoende kan vergelykings ten opsigte van die kleur en aard van die antesedent nie getref word nie. Daar kan geen verwysing na die (moontlike) bestaan van ‘n vroulike vorm **-tsingwana** in die betrokke woordeboeke gevind word nie.

KLEURTERM (MET VARIANT)	PUKUNTSU WOORDEBOEK	THE NEW SESOTHO DICTIONARY	GROOT NOORD- SOTHO WOORDEBOEK
-tsokotla	Skimmel (manlike dier/perd).	Roan.	Skimmel// roan.
-tsokotlana	Skimmel (vroulike dier).	Female roan animal.	

ANALISE:

Die betrokke woordeboeke se definisies stem ooreen rakende die ‘skimmel’ (‘roan in Engels’) kleur waarna die term verwys. Slegs *Puk* beperk die aard van die antesedent tot dié van ‘n manlike dier, of meer spesifiek, tot ‘n hings. Bostaande term kan dus ‘enige skimmelkleurige manlike dier’ beskryf. In die beskrywing van die variant **-tsokotlana** word die antesedent beperk tot vroulike diere, ‘n betekenisimplikasie wat deur die suffiks **-ana** aangedui word. *Puk* verwys nie (soos met die manlike vorm) ook na ‘n ‘merrie’ nie, wat tot verwarring kan lei.

Gevolgtrekking en Samevattende Tabel: Woordeboeke

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit moeilik is om enige sinvolle afleidings en/of veralgemenings te maak op grond van die inligting wat in die betrokke woordeboeke verstrek word. Dit geld vir beide die beskrywing van die kleur en die beperking ten opsigte van die aard van die antesedent wat deur die betrokke stam beskryf (kan) word. Die enigste aspek waarvoor eenstemigheid bestaan, blyk geslag te wees wat deur die stam aangedui word. Met hierdie samevattende tabel word gepoog om die grootste gemene deler ten opsigte van kleur-en aardbeskrywing te identifiseer. Hierdie grootste gemene deler word in kolom twee van die tabel in vet gedruk. Periferale eienskappe word onder die vetgedrukte kernkonsep verstrek. In die derde kolom word die geslag van die term aangedui en in die laaste kolom volg die aard van die antesedent.

STAM	KLEUR	GESLAG	ANTESEDENT
-hlaba	Bruin <i>-Bruin oor nek en rug/geel kolle op neus</i>	Manlik	Gedomestikeerde dier, veral beeste
-hlabana/-nahlabana	Bruin <i>-Bruin oor nek en rug/geel neus</i>	Vroulik	Gedomestikeerde dier, veral beeste
-kêbjá	Rooi of bruin <i>-Wit kolle/spikkels</i>	Manlik	Enige dier
-kêbjána	Rooi of bruin <i>-Wit stippels</i>	Vroulik	Enige dier
-kgwabana	Gespikkeld <i>-Swart met wit rug</i>	Vroulik	Enige dier
-kgwadi	Swart met wit rug	Manlik	Bul/os
-kgwatšana/ -nakgwadi	Swart met wit rug	Vroulik	Koei/vers
-kgwapa/-kgwaapa	Swart <i>-Grys aan nekvel</i>	Manlik	Bul/ os
-kgwapana/ -kgwaapana	Swart <i>-Grys aan nekvel</i>	Vroulik	Koei/vers
-kgwaripa	Skimmel <i>-Gespikkeld</i>	Manlik	Enige dier
-khulông/-khulôu/ -khunông/-khunôu	Rooibruin	Manlik	Bul/os
-khulwana/ -nakhulwana -nakhulông	Rooibruin	Vroulik	Koei/vers
-nala	Rooi en witbont <i>-Bruin of rooi met</i>	Manlik	Enige dier

	<i>kolle op pens</i>		
-nalana/-nanalana	Rooi en witbont <i>-Bruin of rooi met kolle op pens</i>	Vroulik	Enige dier
-nkgwê/-nkhwê	Wit rug <i>-Swart en wit</i>	Manlik	Enige dier
-kgwana/ -nkgwana/ -nkhwana/ -nakgwana	Grys onder nek en bors <i>-Gestippeld</i>	Vroulik	Bokooi
-phaswa	Swartbont <i>-Wit kolle op lieste</i>	Manlik	Enige dier
-phaswana/ -naphaswana	Swartbont	Vroulik	Enige dier, veral koeie
-phefadu	Bruin	Manlik	Enige dier
-phefatswana	Bruin	Vroulik	Enige dier
-phirwa	Swart	Manlik	Skaapram/hamel
-phirwana/ -naphirwana	Swart/donker	Vroulik	Skaapooi
-phiswa	Donkerbruin	Manlik	Bul/os
-phiswana/ -naphiswana	Donkerbruin	Vroulik	Koei/vers
-pududu	Grys	Manlik	Enige objek/dier, veral haarbaardkleur
-pudutswana/ -napudutswana	Grys/ skimmel	Vroulik	Enige dier, veral 'n koei/merrie
-romo/-thomo	Swart en wit <i>-Gespikkeld</i>	Manlik	Bul/os, enige objek
-thongwana/ -nathongwana	Swartbont <i>-Gespikkeld</i>	Vroulik	Enige dier, veral koeie.
-seêga/-tsheêga/ -tshêga	Rooi en wit <i>-Gestreep</i>	Manlik	Enige dier
-seêgana/ -tsheêgana/ -natsheêgana/ -nasêgana/ -natshêgana	Rooibont <i>-Gestreep</i>	Vroulik	Enige dier
-thamaga/ -thamakga	Rooi en wit <i>-Wit rug</i>	Manlik	Bul/ os
-thamagana/ -nathamagana	Rooi en wit <i>-Wit rug</i>	Vroulik	Koei
-thêtlwa	Wit met swart kop	Manlik	Skaapram
-tilo/-tilu	Bruin <i>-Bruin gestreep/ kolle/gespikkeld</i>	Manlik	Gedomestikeerde dier
-tilwana	Bruin <i>-Bruin gestreep/</i>	Vroulik	Gedomestikeerde dier

	<i>gespikkeld</i>		
-tšhumu	Wit gesig <i>-Rooi/ swartbont met bles</i>	Manlik	Enige dier
-tšhungwana/ -natšhungwana	Bles/Wit gesig <i>-Rooi of swartbont</i>	Vroulik	Enige dier
-tsima	Swart <i>-(1 verwysing)</i>	Manlik	Os <i>-(1 verwysing)</i>
-tsokotla	Skimmel	Manlik	Enige dier
-tsokotlana	Skimmel	Vroulik	Enige dier

HOOFSTUK 3 | ‘N ANALISE VAN MOEDERTAALSPREKERS SE KONSEPSUALISERING VAN TRADISIONELE NOORD-SOTHO KLEURTERME

Inleiding

In hierdie hoofstuk word ses informante se konsepsualisering van tradisionele Noord-Sotho kleurterme ondersoek. Hierdie geselekteerde kleurterme, wat reeds in die voorafgaande hoofstuk ondersoek is, word in hierdie geval aan moedertaalsprekers voorgehou. Die respondente is, gekies op grond van hul professionele beroepe, asook wye kennis van diere. Hul beskrywings van die kleurkonsepte van hierdie terme, asook die seleksievereistes waaraan hierdie terme moet voldoen, sal ondersoek word om tot sekere gevolgtrekkings te kom. Uiteindelik sal ‘n sinopsis gemaak word om vas te stel in welke mate die informante saamstem, of verskil, ten opsigte van bogenoemde twee aspekte. In die voorbeelde wat volg sal die vroulike variante se kleurbeskrywings nie bespreek word nie. Die vroulike vorm sal deurgaans in hakies genoem word, voorgestel deur die afkorting *vr.* (Vroulike geslag word deur die affikse **na-** en **-ana** aangedui).

Hierdie hoofstuk word in twee dele verdeel, eerstens sal die basiese kleurbeskrywings soos deur die respondente verskaf, verduidelik word en daarna word op die seleksievereistes van die terme gefokus. Waar informante versuim het om ‘n verduideliking van ‘n Noord-Sotho kleurterm te gee word aanvaar dat die informante nie oor kennis van die spesifieke term beskik nie. Om die ondersoek te vereenvoudig, sal die kleurterme vir hierdie doel in die volgende vyf groepe verdeel word, naamlik, **kleurterme ten opsigte waarvan:**

1. **informante konsensus het aangaande die konsepsuele inhoud van die term**
2. **die meerderheid informante ooreenstem aangaande die konsepsuele inhoud van die term**
3. **slegs een verduideliking verskaf is**
4. **die omskrywings uiters uiteenlopend blyk te wees**
5. **geen verduideliking verstrekkend is nie**

Daarna sal op die seleksie-vereistes van hierdie terme gefokus word. Die konsepsualisering van die informante sal in ses groepe gekategoriseer word. Die terme verwys hoofsaaklik na die volgende antesedente, te wete: kleurterme ten opsigte waarvan die verwysing volgens die informante:

1. tot beeste beperk is
2. tot gedomestikeerde diere beperk is
3. tot diere beperk is, en

kleurterme ten opsigte waarvan:

4. slegs een verduideliking verskaf is
5. geen konsensus bereik is nie
6. geen verduideliking verstrekkend is nie

A. Die kleurbeskrywings van informante:

- 1 **Kleurterme ten opsigte waarvan die informante konsensus het aangaande die konsepsuele inhoud van die term:**

-khulông/-khulôu/-khunông/-khunôu

Volgens die informante verwys die term **-khulông** na 'n 'rooi/rooibruin' kleur. Die stamme **-khulôu**, **-khunông** en **-khunôu** is bloot fonologiese variante. Die vorm **-khulwana/-nakhulwana** word gebruik om dieselfde kleurbeskrywing ten opsigte van vroulike diere te verstrekkend.

-nala

Dit blyk dat bostaande term 'n 'rooi en wit' kleur beskryf. (vr. **-nalana/-nanalana**). Een informant het melding van die 'wit pens' gemaak, maar nie 'n basiese kleur genoem nie.

-tšhumu

Die sentrale kenmerk wat deur al die informante in hul beskrywings uitgesonder word, is dié van 'n wit gesig. Een van die respondente het aangedui dat die basiese kleur van die res van die dier rooi of swart kan wees (vr. **-tšhungwana/-natšhungwana**).

2. Kleurterme ten opsigte waarvan die meerderheid informante ooreenstem aangaande die konsepsuele inhoud van die term:

-hlaba

Drie informante verwys na 'n 'rooi en swart' kleur, terwyl die ander omskrywings uiters uiteenlopend blyk te wees, naamlik 'rooibruin', 'donkerbruin met geel vlekke', asook 'grys' of 'wit en swart'. Dit blyk dat bostaande term 'n 'rooi en swart' kleur beskryf (vr. **-hlabana/-nahlabana**).

-kêbja

Volgens die kleurbeskrywings stem vier uit die ses informante ooreen oor die 'grys en swart' kleur van bostaande term. Een informant het geen beskrywing gebied nie, terwyl 'n ander na 'rooibruin of swart met wit kolle' verwys het. Daar kan dus aanvaar word dat die term **-kêbja** na 'n 'grys en swart' kleur verwys (vr. **-kêbjana/-nakêbjana**).

-kgwadi

Vyf uit die ses informante verwys na 'swart en wit' en hierdie beskrywing word sodoende aanvaar. Een informant verskaf 'n verdere verfyning deur na 'wit kolle op die rug' te verwys, terwyl 'n ander ietwat afwyk met 'n beskrywing van 'rooi, wit en grys' (vr. **-kgwatšana/-nakgwadi**).

-phaswa

Vyf uit die ses informante verwys na 'n 'swart en wit' kleur in hul beskrywings. Die ander informant het geen kleurbeskrywing verskaf nie, dus word genoemde beskrywing van die kleur aanvaar. (vr. **-phaswana/-naphaswana**). Dit is opvallend dat die beskrywings van beide **-phaswa** en **-kgwadi** verwysings na 'swart en wit' insluit. Die onderskeidende kenmerke (hoewel dit nie eksplisiet deur die informante gestel word nie) is waarskynlik die gedagte van 'n 'wit pens' in die geval van **-phaswa** (soos deur een van die informante genoem).

-phefadu

Drie uit die ses informante het hierdie term met 'n 'donkerbruin' kleur beskryf. Kleurbeskrywings wissel van 'rooibruin' tot, 'donkerrooi', asook 'n 'sjokoladebruin kleur'. Die ander drie respondente wyk drasties af van bostaande omskrywings en verwys na 'grys' of 'rooi en grys' onderskeidelik. Die meerderheid omskrywings verwys dus na 'n 'donker-rooibruin' kleur (vr. **-phefatšwana**).

-phirwa

Vier informante beskryf bostaande term met 'n 'swart' kleur, terwyl twee respondente geen beskrywings verskaf nie. Eersgenoemde beskrywing word aanvaar (vr. **-phirwana/-naphirwana**).

-phiswa

Vier informante verskaf kleurbeskrywings wisselend in skakerings van 'bruin'. Beskrywings sluit 'donker rooibruin', 'donkerrooi', 'donkerbruin' en 'bruin' in. Twee informante bied geen kleurbeskrywings nie. Dit blyk dus dat hierdie stam na 'n 'donker rooibruin' kleur verwys (vr. **-phiswana/-naphiswana**).

-pududu

Vyf informante stem ooreen in hul verwysings na 'n 'grys' kleur. Een informant het nie 'n beskrywing verskaf nie, terwyl 'n verdere verwysing na 'donkerblou' ook gegee is. Daar kan dus aanvaar word dat bostaande term na 'grys' verwys (vr. **-pudutšwana/-napudutšwana**).

-thamaga

Volgens die kleurbeskrywings stem vyf informante saam oor 'n 'rooi en wit' kleur. Een respondent bied 'n verdere verfyning deur na 'n 'wit kleur vanaf die lieste tot rug' te verwys. 'n Ander verwysing sluit 'rooiswart' in wat duidelik afwyk van die ander beskrywings. Dit blyk dat bostaande term met 'rooi en wit' beskryf word (vr. **-thamagana/-nathamagana**).

-thêtlwa

Twee respondente verwys na 'n 'rooibruin' kleur, terwyl 'n verdere uitbreiding na 'wynrooi' ook verskaf word. Aangesien geeneen van die ander informante beskrywings

bied nie, word hierdie kleuromskrywing aanvaar. Geen voorbeelde van die bestaan van 'n vroulike vorm, **-thêtlwana**, kon gevind word nie.

-romo/-thomo

Vier informante beskryf hierdie kleur as 'swart en wit'. Daar is ook 'n verwysing na 'n 'bont' dier, sonder om enige basiese kleur te noem. Die term 'bont' word egter dikwels gebruik om na 'swart en wit' te verwys, hoewel dit nie noodwendig eksplisiet só gestel word nie. Een informant verskaf nie 'n omskrywing nie. Daar word dus aanvaar dat hierdie term gebruik word om na swartbont te verwys (vr. **-thongwana/-nathongwana**).

-tsima

Beide respondente verwys na 'swart'. (Geeneen van die ander informante bied kleuromskrywings nie). Geen voorbeeld van 'n vroulike vorm **-tsingwana** is gevind nie.

-tsokotla

Die bostaande term word deur die drie respondente wat gereageer het as 'n 'skimmel' kleur beskryf (vr. **-tsokotlana**).

3. **Kleurterme ten opsigte waarvan slegs een verduideliking verskaf is:** (Definitiewe afleidings kan dus in hierdie gevalle nie gemaak word nie).

-kgwaripa

'n Verwysing na 'kolle op 'n skimmelkleurige' dier word verskaf. (Geen voorbeeld van 'n vroulike vorm **-kgwaripana** kon gevind word nie).

-kgwapa/-kgwaapa

Die informant beskryf hierdie term as 'swart met grys aan die nekvel' (vr. **-kgwapana/-nakgwapana**).

-nkgwê/-nkhwê

‘n Verwysing na ‘n ‘gespikkelde’ dier word verskaf, sonder om ‘n basiese kleur te noem.

4. **Kleurterme ten opsigte waarvan die omskrywings uiters uiteenlopend blyk te wees:** (geen afleidings kon in dié gevalle gemaak word nie).

-kgwana/-nakgwana

Verduidelikings wissel van ‘grys’ tot ‘swart en wit’ asook ‘gespikkeld’, sonder om ‘n spesifieke kleur te noem. Hierdie is ‘n vroulike vorm, aangedui deur die affikse **na-** en **-ana**.

-tilo/-tilu

Twee informante verskaf albei ‘n dubbele verwysing na ‘n ‘bruin of swart’, asook ‘rooi’ kleur, terwyl ‘n ander een bloot na ‘n ‘donker kleur’ verwys. Aangesien hierdie kleuromskrywings só uitermate verskil, word geen afleidings gemaak nie (*vr. -tilwana*).

5. **Kleurterme ten opsigte waarvan geen verduideliking verstrekkend is nie:** (geen afleidings kan gemaak word nie)

-kgwabana(v), asook **-seêga/-tsheêga**, **-seêgana/-tsheêgana/-nasêgana/-natshêgana**.

B. Die aard van die antesedent:

Die kleurterme word gekategoriseer in ses breë groepe, naamlik kleurterme ten opsigte waarvan die verduideliking volgens die informante:

1. **tot beeste beperk is**
2. **tot gedomestikeerde diere beperk is**
3. **tot diere beperk is**

Kleurterme ten opsigte waarvan:

4. slegs een verduideliking verskaf is
5. geen konsensus bereik is nie
6. geen verduideliking verstrekkend is nie

Die volgende kleurterme word in hierdie groepe geklassifiseer:

1. Kleurterme ten opsigte waarvan die verduideliking tot beste beperk is:

Waar die manlike (m) en vroulike (v) vorm na dieselfde antesedent verwys, sal dit as 'n eenheid beskou word.

(m) **-hlaba/** (v) **-hlabana/-nahlaba**

(m) **-kgwadi/** (v) **-kgwatšana/-nakgwadi**

(v) **-kgwana/-nakgwana**

(m) **-khulông/-khulôu/-khunông/-khunôu** (v) **-khulwana/-nakhulông**

(m) **-nala/** (v) **-nalana/-nanalana**

(m) **-phaswa/** (v) **-phaswana/-naphaswana**

(m) **-thamaga/** (v) **-thamagana/-nathamagana**

(m) **-tsima**

2. Kleurterme ten opsigte waarvan die verduideliking tot gedomestikeerde diere beperk is:

(m) -tilo/-tilu (v) -tilwana

Volgens drie respondente verwys bostaande terme na gedomestikeerde diere, veral huisdiere. Ander informante verstrek geen omskrywing nie.

3. Kleurterme ten opsigte waarvan die verwysing tot diere beperk is:

(m) -kêbja (v) -kêbjana/-nakêbjana

Drie omskrywings van enige dier is gevind, en twee van beeste.

(m) -phefadu (v) -phefatšwana

Die omskrywings sluit ewe veel verwysings na enige diere en beeste in - dus word aanvaar dat bostaande term eerder na 'enige dier' verwys.

(m) -phirwa (v) -phirwana/-naphirwana

Die omskrywings van die respondente is gelykop verdeel tussen skape en enige dier. Dit blyk dus dat bostaande terme nie uitsluitlik 'n spesifieke antesedent beskryf nie, maar eerder na enige manlike/vroulike dier verwys.

(m) -phiswa (v) -phiswana

Twee respondente verwys na (m) 'n manlike dier/ (v) vroulike dier, terwyl die ander twee spesifiek (m) 'n bul/ (v) 'n koei beskryf. Dit wil voorkom of bostaande term egter enige (m) manlike dier/ (v) vroulike dier omskryf.

(m) -pududu/ (v) -pudutšwana/-napudutšwana

Volgens vyf respondente verwys bostaande terme na enige dier. Een respondent verskaf geen beskrywing nie.

(m) -romo/-thomo (v) -thongwana/-nathongwana

Vier verwysings na 'n manlike dier, twee van bulle, met 'n verdere uitbreiding na 'n bokram.

(m) **-tšhumu/ (v) -tšhungwana**

Vier omskrywings van enige manlike dier; twee van bulle, met insluiting van ‘n bokram.

(m) **-tsokotla (v) -tsokotlana**

Drie respondente noem ‘enige manlike dier’, terwyl die ander informante geen verduidelikings verskaf nie.

4. Kleurterme ten opsigte waarvan slegs een verduideliking verskaf is: (geen afleidings kan gemaak word nie).

-kgwapa/-kgwaapa ‘bul of os’

-kgwapana/-nakgwapaana ‘koeie of verse’

-kgwaripa ‘enige manlike dier’

-nkgwê/-nkhwê ‘enige manlike dier’

5. Kleurterme ten opsigte waarvan geen konsensus bereik is nie:

-thêtlwa



Twee respondente het hierdie term omskryf, maar hul verduidelikings blyk baie uiteenlopend te wees; een informant verwys na ‘n bessie’, terwyl die ander ‘n ‘bul of bokram’ beskryf. Dit is onmoontlik om enige afleidings te vorm.

6. Kleurterme ten opsigte waarvan geen verduideliking verstrekkend is nie:



-kgwabana; -seêga/-tsheêga; -seêgana/-tsheêgana/-nasêgana

Op bladsy 34 en 35 volg vier diagramme waarin onderskeidelik (a) die kleuromskrywings van die manlike en vroulike terme en (b) die aard van die antesedent deur die respondente verskaf, voorgestel word. Die 40 kleurterme is in manlike en vroulike vorme verdeel, waarvan 21 manlike terme is en 19 vroulike. Dieselfde kategorieë as by die analisering van die terme, soos uiteengesit in Hoofstuk 3, is gebruik.

a) Die kleuromskrywing van die respondente:



b) Die aard van die antesedent:



Gevolgtrekking en Samevattende Tabel: Noord-Sotho informante

Dit is opvallend uit die inligting wat ingewin is, dat die informante (soos in die geval met die woordeboeke) soms uiters uiteenlopende persepsies van die sogenaamde tradisionele kleurterme het. Die respondente het veral ten opsigte van die kleuromskrywings verskil. By terme soos **-kgwana/-nakgwana** en **-tilo/-tilwana** kon geen afleidings as gevolg van meningsverskille gemaak word nie. Dit is duidelik uit die grafieke by (a): *Kleuromskrywings* dat die informante slegs konsensus oor drie uit die 21 manlike terme kon bereik (14,28%), en oor drie uit 19 terme by die vroulike vorm, d.i. 15,78%. By die laaste drie kategorieë kon geen gevolgtrekkings gemaak word nie, aangesien, onderskeidelik: “slegs een verduideliking verskaf is”; “geen konsensus bereik kon word nie” en “geen verduideliking verstrek is nie”. Nóg ‘n probleem wat opgeduik het, was die

versuim om sekere terme (soos **-kgwabana**, **-seêga/-tsheêga/-tsheêgana/-nasêgana**) te omskryf. Die rede hiervoor is die beperkte kennis waaroor die informante ten opsigte van bogenoemde terme beskik. Verstedeliking en/of verwestering (wat gelei het tot onbruik van die terme) kan as moontlike redes aangebied word vir die gebrek aan eenstemmigheid. Omdat slegs een respondent omskrywings van terme soos **-kgwapa/-kgwapana**; **-kgwaripa** en **-nkgwê/-nkhwê**, verskaf het, kon sinvolle gevolgtrekkings nie gemaak word nie. Wat die aard van die antesedent betref, (grafieke by b) is dit ooglopend dat die meerderheid kleurterme volgens die respondente na enige dier kan verwys, d.i. in 8 uit 21 manlike terme (38,09%) en in 8 uit 19 terme by die vroulike vorm (42,10%). In 7 uit 21 manlike terme word na beste verwys (33,33%) en 7 uit 19 vroulike terme beskryf spesifiek koeie/verse, d.i. 36,84%. By die manlike terme beskryf 1 uit 21 terme gedomestikeerde diere (4,76%), terwyl 1 uit 19 vroulike terme (5,26%) ook hierdie seleksievereiste stel. Weereens kan geen afleidings by die laaste drie kategorieë gemaak word nie, aangesien die respondente se omskrywings óf beperk is tot een verduideliking, óf geen konsensus bereik nie, óf geen verduidelikings verskaf is nie. Hierdie tabel dui die grootste gemene deler ten opsigte van kleur-en aardbeskrywing in die definisies aan. Die grootste gemene deler word in kolom twee van die tabel verstrekk, met die perifere eienskappe (indien enige) onderaan. In die derde kolom word die geslag van die antesedent aangedui en in die laaste kolom volg die aard van die antesedent.

STAM	KLEUR	GESLAG	ANTESEDENT
-hlaba	Rooi en swart	Manlik	Bul/os
-hlabana/ -nahlabana	Rooi en swart	Vroulik	Koei/vers
-kêbja	Grys en swart	Manlik	Enige dier
-kêbjana	Grys en swart	Vroulik	Enige dier
-kgwabana	Geen inligting verskaf nie		
-kgwadi	Swart en wit <i>-Wit kolle op die rug</i>	Manlik	Bul/os
-kgwatšana/ -nakgwadi	Swart en wit <i>-Wit kolle op die rug</i>	Vroulik	Koei/vers
-kgwapa/	Swart en grys aan	Manlik	Os

-kgwaapa	die nekvel <i>-(1 verwysing)</i>		<i>-(1 verwysing)</i>
-kgwapana/ -kgwaapana	Swart en grys aan die nekvel <i>-(1 verwysing)</i>	Vroulik	Koei/vers <i>-(1 verwysing)</i>
-kgwaripa	Skimmel <i>-Kolle</i> <i>-(1 verwysing)</i>	Manlik	Enige dier <i>-(1 verwysing)</i>
-khulông/-khulôu -khunông/-khunôu	Rooi/rooibruin	Manlik	Bul/os
-khulwana/ -nakhulwana/ -nakhulông	Rooi/rooibruin	Vroulik	Koei/vers
-nala	Rooi en witbont <i>-Wit pens</i>	Manlik	Bul/os
-nalana/-nanalana	Rooi en witbont <i>-Wit pens</i>	Vroulik	Koei/vers
-nkgwê/-nkhwê	Gespikkeld <i>-(1 verwysing)</i>	Manlik	Enige dier <i>-(1 verwysing)</i>
-kgwana/ -nkgwana/ -nakgwana	Geen konsensus bereik nie	Vroulik	Koeie/vers
-phaswa	Swart en wit <i>-Wit pens</i>	Manlik	Bul/os
-phaswana/ -naphaswana	Swart en wit <i>-Wit pens</i>	Vroulik	Koei/vers
-phefadu	Donker rooibruin	Manlik	Enige dier
-phefatšwana	Donker rooibruin	Vroulik	Enige dier
-phirwa	Swart	Manlik	Enige dier, veral skaapramme
-phirwana/ -naphirwana	Swart	Vroulik	Enige dier, veral skaapooie
-phiswa	Donker rooibruin	Manlik	Enige dier of bul
-phiswana/	Donker rooibruin	Vroulik	Enige dier of

-naphiswana			koei/vers
-pududu	Grys	Manlik	Enige dier
-pudutšwana/ -napudutšwana	Grys	Vroulik	Enige dier
-romo/-thomo	Swart en wit <i>-Gespikkeld</i>	Manlik	Enige dier of objek
-thongwana/ -nathongwana	Swart en wit <i>-Gespikkeld</i>	Vroulik	Enige dier
-seêga/-tsheêga	Geen inligting verskaf nie		
-tsheêgana/ -nasêgana	Geen inligting verskaf nie		
-thamaga/ -thamakga	Rooi en wit <i>-Wit vanaf lieste tot rug</i>	Manlik	Bul/os
-thamagana/ -nathamagana	Rooi en wit <i>-Wit vanaf lieste tot rug</i>	Vroulik	Koei/vers
-thêtlwa	Rooibruin	Manlik	Geen konsensus bereik nie
-tilo/-tilu	Geen konsensus bereik nie	Manlik	Gedomestikeerde dier
-tilwana	Geen konsensus bereik nie	Vroulik	Gedomestikeerde dier
-tšhumu	Wit gesig <i>-Rooi of swart</i>	Manlik	Enige dier
-tšhungwana/ -natšhungwana	Wit gesig <i>-Rooi of swart</i>	Vroulik	Enige dier
-tsima	Swart	Manlik	Bul/os
-tsokotla	Skimmel	Manlik	Enige dier
-tsokotlana	Skimmel	Vroulik	Enige dier

HOOFSTUK 4 | ‘N ONDERSOEK NA TRADISIONELE NOORD-SOTHO KLEURTERME AAN DIE HAND VAN ‘N ELEKTRONIESE DATAKORPUS

Inleiding

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die aard van die antesedente van die sogenaamde tradisionele Noord-Sotho kleurterme, spesifiek aan die hand van ‘n elektroniese databasis of korpus. Die beskikbaarheid van elektroniese datakorpusse het ‘n omwenteling in taalkundige ondersoeke teweeg gebring. Noord-Sotho grammatici moes tot onlangs toe staatmaak op voorbeelde wat uit geskrewe bronne of selfs mondelinge gesprekke geselekteer is. Die data is dan op introspektiewe wyse geanaliseer. Toegang tot hierdie elektroniese datakorpus sal noodwendig tot nuwe insigte lei. Taalkundiges wat tans navorsing doen word gevolglik bevoordeel deur toegang tot ‘n linguistiese korpus, aangesien dit ‘n groot aantal voorbeelde beskikbaar stel. ‘n Tweede voordeel wat elektroniese datakorpusse bied is die feit dat dit outomatiese, elektroniese soektogte moontlik maak deur van doelgemaakte sagteware gebruik te maak. Vir die doel van hierdie studie is WordSmith Tools gebruik, “an integrated suite of programs for looking at how words behave in texts” (Scott 1999: WST help). Hierdie program beskik onder andere oor ‘n konkordansie funksie waarmee ‘n spesifieke term binne sy volle linguistiese konteks gesoek en ondersoek kan word. Deur die konteks te bestudeer kan ook bepaal word tot watter woordkategorie die term behoort, byvoorbeeld adjektiewe. Die korpus wat vir hierdie studie gebruik is, staan bekend as die Pretoria Sepedi Corpus (PSC), ‘n organiese korpus wat uit 5,8 miljoen woorde bestaan en saamgestel is uit kontemporêre geskrewe bronne, insluitend gedeeltes van boeke, tydskrifte en pamflette, asook Internettekste. ‘n Korpus van hierdie grootte kan met die inhoud van ongeveer 300 boeke vergelyk word. Soos hierbo gemeld, is die konkordansie funksie van WST in hierdie ondersoek gebruik. Elkeen van die kleurterme is as soeknode (soekwoord) binne hierdie funksie ingesleutel. Die resultaat van die soektog word dan in die vorm van konkordansielyste voorgestel waarin die soekwoord (in hierdie geval die kleurterm) binne sy linguistiese konteks gegee word. Deur van die ‘Grow’-funksie gebruik te maak, kan die konteks na gelang van behoefte groter gemaak word, ten einde interpretasie te vergemaklik. Van die 41 geselekteerde kleurterme, het 19 nie een maal in die korpus voorgekom nie, wat daarop dui dat die gebruiksfrekwensie van hierdie stamme uiters laag is. Hierdie stamme is **-kêbjana**,

-kgwabana, -kgwapana, -kgwatšana, -nalana, -nkgwê, -phefadu, -phefatswana, -phirwa, -phirwana, -phiswa, -phiswana, -pudutswana, -romo/-thomo, -thongwana, -thêtlwa, -tsima, -tsokotlana, asook -tšhungwana. Waar voorbeelde van beide die manlike en vroulike vorme gevind is, word dit as ‘n eenheid beskou, tensy verskille noodgedwonge tot ander insigte lei. Die datakorpus kan ook uiteraard geen informasie bied ten opsigte van die kleuromskrywings of betekenis van terme nie. Weereens word van dieselfde kleurterme, soos in die voorafgaande hoofstukke ondersoek, gebruik gemaak. Aangesien daar slegs op naamwoordelike bepalers vir die doel van hierdie ondersoek gefokus word, kon daar by sekere stamme geen toepaslike voorbeelde gevind word nie.¹

Analise van geselekteerde kleurterme:

KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-hlaba/-hlabana/-nahlaba	...yo mohlaba ka mmala.
	Ke motho yo mohlaba
	...mmala wa morwediagwe yo mohlabana
	...yo mohlabana
	...mmala wa gagwe e le wo mohlabana
	Ke yo hlabana
	...naka e hlaba a hlaba
	O, wena Afrika wena o mohlaba
	Marumo ke a mahlabana
	...kgomo ye hlaba
	...kgomo e nahlaba


ANALISE:

In die korpus is elf voorbeelde van konstruksies waarin die kleurterme **-hlaba/ -hlabana/ -nahlaba** voorkom, aangetref. In ses gevalle (die meerderheid) word na ‘n menslike referent verwys, d.i 55%. Die kongruensiemorfeme wat die stam **-hlaba** in hierdie voorbeelde voorafgaan, te wete **yo mo-** is duidelike bewys van die menslike aard van die antesedent. In drie gevalle (27%) verwys die antesedent na ‘n nie-lewende objek en word

¹

Die resultate van die elektroniese soektog word vervolgens bespreek. Hoewel dit gebruiklik is om vertalings van alle Noord-Sothovoorbeelde te verstrek, word dit gewoonlik nie gedoen wanneer navorsers van elektronies-gegenereerde konkordansielyste gebruik maak nie, bloot as gevolg van lengte-oorwegings.

dit gebruik om 'n 'ster' (wat slegs in die winter verskyn), naamlik **naka...** te beskryf, asook 'assegaaie' **Marumo...** In die voorbeeld waar die antesedent na die Afrika-kontinent verwys (**O wena Afrika ...**), het ons met metaforiese taalgebruik te make. Hierdie frase is uit 'n prysdig afkomstig, daarom dat die digter van die normale taalreëls afwyk en die Afrika-kontinent persoonifieer. Hierdie bevindinge dui op 'n duidelike afwyking van beide die woordeboeke se inskrywings en informante se sienings dat bostaande kleurterme meestal diere beskryf, aangesien daar slegs in twee gevalle (18%) na 'n 'bees', **kgomo** verwys word.



KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-kêbja	Ke ra kgomo e kebja.
	Kgomo e kebja.

ANALISE:


Uit bostaande twee voorbeelde is dit ooglopend dat die antesedent wat met behulp van die stam **-kebja** beskryf word, 'n 'bees', **kgomo** is. Geen voorbeelde van die vroulike vorm **-kêbjana/-nakêbjana** is gevind nie.

KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-kgwadi	Ke kgomo e kgwadi.
	E tlo tsebja ka namane tše kgwadi.
	Ge le sa ba kgatlele wa kgomo e kgwadi.
	Ke nna poo ye kgwadi.
	...kgomo e kgwadi.
	Ka ge e tlo ba kgomo e kgwadi...
	Poo ye kgwadi...
	...poo e kgwadi.

	Babo nkwe e kgwadi.
	...jase ye kgolo ye kgwadi.

ANALISE:


Uit bogenoemde 10 voorbeelde is dit duidelik dat die antesedent wat deur middel van die stam **-kgwadi** beskryf word in die meerderheid gevalle (80%) na 'n 'bees' **kgomo**, of 'n 'kalf' **namane** verwys. In slegs een voorbeeld verwys die antesedent na 'n ander dier, naamlik 'n 'luiperd of tier', **Babo nkwe** en word met 'mnr. Luiperd-hulle' vertaal. In die enkele geval is gevind dat die stam na 'n nie-lewende objek verwys, te wete **jase** 'jas'. Geen voorbeelde van die vroulike vorm (**-kgwatšana/-nakgwadi**) is gevind nie.



KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-kgwana	Re digele kgomo ye kgwana.
	...kgomogadi ye kgwana.
	Serekakgomo ye kgwana.
	Kgomogadi ye kgwana.
	Laodiša mogapi kgomo ye kgwana.
	...kgomogadi ye kgwana...
	Leina la kgomo ye kgwana.
	Kgomo ye kgwana e a duša.
	O re namane ke ye kgwana.
	Le game maswi a kgomo ye kgwana.
	...dipudi tšohle...le tše kgwana.
	Le dipudi ka moka tše kgwana...
	Diphokwana ka moka...le tše kgwana.
	...dinku tšohle tše kgwana.
	...dihuswane ka moka... ka tše kgwana.

ANALISE:

In 10 uit die 15 gevalle waar die stam **-kgwana** as naamwoordelike bepaler optree, is die antesedent wat met behulp van hierdie stam beskryf word, 'n bees, d.i. 67%. Dit is opvallend dat geen voorbeelde van die gebruik van die sogenaamde vroulike vorm **-nakgwana** opgespoor is nie. Tog verwys die antesedent in 10 gevalle na 'n koei, maar die aanduiding van vroulike geslag is in hierdie geval in die antesedent gesetel, waar dit deur middel van die suffiks **-gadi** aangetoon word. Waar antesedente na ander diere verwys, d.i. in vyf gevalle, (33%) is drie voorbeelde gevind waar na 'bokke' verwys word: **dipudi** en bokrammetjies **diphokwana**. In slegs 'n enkele geval word 'skape' beskryf, **dinku**. In 'n verdere geval word na 'kleinvee' (bokke én skape) verwys, te wete **dihuswane**.



KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-kgwapa/-kgwaapa	Ka pholo e kgwaapa.
	Ge o be o re o phophota ka pholo e kgwaapa.

ANALISE:

Volgens die enigste twee voorbeelde van die stam **-kgwapa/-kgwaapa** kan afgelei word dat die antesedent wat met behulp van hierdie stam beskryf word 'n bees, of meer spesifiek, 'n os, is: **pholo**. Geen voorbeelde van die vroulike variant **-kgwapana/-nakgwapana** is opgespoor nie.

KLEURTERM	VOORBEELD UIT DATAKORPUS
-kgwaripa	Moriti wa mokgwaripa.


ANALISE:

‘n Enkele voorbeeld van bostaande term is gevind, wat na ‘n ‘skaduwee’ **moriti** verwys. Aangesien dit onwaarskynlik is dat hierdie term uitsluitlik na ‘n ‘skaduwee’ kan verwys, asook die feit dat een voorbeeld nie genoegsame bewys ten opsigte van die aard van die antesedent oplewer nie, kon die enkele voorbeeld nie as deurslaggewend beskou word nie. Tog is dit opvallend dat die antesedent in hierdie enkele voorbeeld nie na ‘n dier verwys nie, maar wel na ‘n nie-lewende objek.

KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-khulông/-khunôu/-khulwana	...kgomo e nakhulong.
	Ka moka e bitšwa kgomo ye khulong.
	...namane ye khulong
	Kgomo ye khulong
	Mebala ye dikgomo kgomo ye khulong
	Di nyakile kgomo ye khulong
	...pholo ye khulong
	Poo e khulong
	...kgomo ye khulong
	O re ba ntshe kgomo e nakhulong
	...goba Poo ye ntsho e thulana le ye khunou
	Dikgomo...ye khulwana
	...namane ye khulwana
	...e bitšwa kgomo ye khulwana
	Ba nyaka namane ye khulwana
	Namane ye khulwana
	Ka yona namane ye khulwana
	...pitsi e khulong
	...ka pitsi tše khulong
	...dipitsi tše dingwe tše khulong
	...pitsi e nngwe e khulong
	...phoro ye khulong
	Makeke ao ke a makhulong
	Makeke a makhulwana
	Ke thaga e khulwana
	...kgabo e khulwana
	Ke pere e khulwana
	...phudufudi e khulwana
	...baki ya boya ye khulwana
	...polastiki ye khulwana
	Dieta tše khulwana
	Moro o topetše e le o mokhulwana
	...hlogwana ya segotlane sa mošemane e le ye khulwana

ANALISE:

Uit die 33 voorbeelde is dit duidelik dat die antesedent wat deur die stam **-khulông/-khunôu/-khulwana** beskryf word, in 17 gevalle beeste (**(di)kgomo** is; d.i. 52%. Daar is ook 11 verwysings (31%) na ander diere soos ‘sebras/kwaggas’: **pitsi**, asook ‘n beskrywing van ‘n ‘bokram’: **phoro**; ‘kakkerlakke’ **makeke**; ‘n ‘vink’ **thaga**; ‘n ‘aap’ **kgabo**; ‘n ‘perd’ **pere** en ‘n ‘steenbok’ **phudufudi**. Vyf voorbeelde, d.i. 17%, beskryf nie-lewende objekte, byvoorbeeld ‘n ‘baadjie’ **baki**; ‘plastiek’ **polastiki**; ‘skoene’ **dieta**; ‘sous’ **moro** en ‘n ‘menslike koppie/hofie’ **hlogwana**. Laasgenoemde voorbeelde wyk weereens ooglopend af van die bestaande siening dat kleurterme, spesifiek **-khulông/-khunôu/-khulwana** slegs gebruik kan word om na beeste te verwys, soos wat deur die woordeboekinskrywings én die informante se interpretasie geïmpliseer word.




KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-nala	...ka pholo ye nala.
	...pholo ye nala.
	...tsebe ye phaswa le ye nala. (kgomo)
	...e be e le pholo e nala.
	...namane ye nala.
	...pholo ye nala le e phitshwa.
	Morwago pholo e nala.
	Ke nna pholo e nala.
	...Sebetsa ka pholo ye nala.
	...nong ye nala.
	...kgapa ye nala.

	...phoko ye nala.
	Phudufatšwana tše nala.
	...bolwetši bjo bonala.
	...koloji ye nala.
	...seedi se senala.
	...ke yo monala.
	Ke nna yo monala.

ANALISE:

In nege van die 18 voorbeelde, d.i. 50%, verwys die antesedent wat met behulp van die stam **-nala** beskryf word, na beeste. Waar antesedente in vier voorbeelde (22%) na ander diere verwys, was dit eerder die uitsondering as reël; ‘n ‘aasvoël’ **nong**; ‘slak’ **kgapa**; ‘bokram’ **phoko** en ‘steenbokkie’ **phudufatšwana**. Die duidelikste afwykings is die drie voorbeelde, (d.i. 17%), waarin nie-lewende objekte weereens beskryf word, byvoorbeeld: ‘n ‘siekte’ **bolwetši**; en ‘motor’ **koloji** en ‘n ‘ster’ **seedi**. Volgens die kongruensiemorfeme **yo mo-** verwys die antesedente in die laaste twee voorbeelde (11%) na ‘n ‘menslike referent’: **...ke yo monala**. Nadere ondersoek het aan die lig gebring dat hierdie voorbeeld uit ‘n prysdig afkomstig is. Ons het dus hier te make met metaforiese taalgebruik, waar die digter homself met ‘n roibont bees vergelyk. Soos reeds genoem, word metaforiese taalgebruik nie volgens die normale taalreëls beoordeel nie omdat die digter ‘digterlike vryheid’ toepas. Dit is vervolgens nie vreemd dat die normale seleksiebepערking ten opsigte van die aard van die antesedent ook in hierdie geval omvergewerp word nie. Daar is geen voorbeelde van **-nalana/-nanalana** gevind nie.




KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-phaswa/-phaswana	...tsebe ye phaswa. (kgomo)

	...dimpeng ke ye phaswa. (kgomo)
	Kgomo, selo se sephaswa.
	...kgomo ye phaswa.
	...pholo...e phaswa.
	Selo, kgomo ye phaswa.
	...dikgomo... e phaswana.
	...dikgomo tše phaswana.
	Kgomo ye ntsho... e bitšwa ye phaswa...ya tshadi e bitšwa ye phaswana.
	...peolane e phaswa.
	...dipitsi tše phaswa.
	Ya dipitsi tše phaswa.
	...pudi e phaswana.
	...thaba ye phaswa.
	...thaba ye phaswa.
	...tladi ye phaswa.
	Mahlo a gagwe e le a maphaswana.

ANALISE:


Dit is duidelik uit die 17 voorbeelde van die stam **-phaswa**, dat die aard van die antesedent in nege gevalle, d.i. 52%, na beeste verwys. Waar die stam in vier gevalle (24%) ander diere beskryf, kom die verwysing na ‘sebras/kwaggas’ **dipitsi** twee keer voor, asook ‘n beskrywing van ‘n ‘swaeltjie’ **peolane** en ‘n ‘bok’ **pudi**; Vier voorbeelde, d.i. 24%, verwys na nie-lewende objekte, te wete, ‘n ‘berg’ **thaba** ‘weerligstraal’ **tladi** en ‘oë’ **mahlo**.



KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-pududu	...yo mopududu. (mokgalabje)
	...hlogo tše pududu.
	...maledung a mapududu.
	...yo mopududu. (mokgalabje)
	...hlogo e pududu.
	...meriri e mepududu.
	...meriri e mepududu.
	...hlogo tše pududu.
	...meriri e mepududu.
	...hlogo e pududu.
	...dihlogo tše pududu.
	...hlogo ye pududu.
	...hlogo e pududu.
	...ntsoboko ye pududu.
	Kgomo tše pududu.
	...pholo e pududu.
	...phuti ye pududu.
	...kobo ye pududu.
	...kobo ye pududu.
	...tsela tše pududu.
	...mahwafa a mapududu.
	...kotse e pududu.
	...lehu le lepududu.
	...matlapeng a mapududu.

ANALISE:


Dit blyk duidelik uit die bostaande 24 voorbeelde dat die stam **-pududu** in 14 gevalle, d.i. 58%, na 'n antesedent verwys wat menslike haar/baardkleur beskryf, byvoorbeeld: 'hare' **meriri**, 'kop' **hlogo** en 'baard' **maledu**. Waar die kongruensiemorfeme **yo mo-** voorkom, word na 'n menslike referent verwys: **mokgalabje**, maar hier word nie *per se* na 'n 'gryskleurige' ouman verwys nie, maar ook eerder na die haarkleur. In sewe voorbeelde (29%) verwys bostaande term na nie-lewende objekte, wisselend van 'n 'skildvel' **kotse** 'n 'kometers' **kobo** 'n 'pad' **tsela** 'klippe' **matlapeng** en selfs 'armholtes' **mahwafa** tot die 'dood' **lehu**, word vervolgens aangetref. By laasgenoemde voorbeeld is die antesedent wat beskryf word 'n abstrakte konsep. Die stam **-pududu** kan ook klaarblyklik in drie gevalle (13%) gebruik word om diere soos 'n 'bees', **kgomo** en 'n 'duiker', **phuti**, te beskryf. Geen voorbeelde van **-pudutšwana/-napudutšwana** is opgespoor nie.



KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-seêga/-tsheêga/-tshêga/-nasêgana	...namane ye tshega.
	...kgomo...ke ye tsheega.
	...diphokwana tše tshega.
	...le dipudi ka moka le tše nakgwana le tše nasegana.

ANALISE:

Dit wil voorkom of die stamme **-tsheêga/-tshêga/-nasêgana** in ewe veel gevalle (50%) na 'n 'bees', **kgomo**, asook 'bokke' (50%) **diphokwana** en **dipudi**, verwys. Dit word aanvaar dat bostaande term beeste óf bokke kan omskryf. Die ander vroulike variant **-sêêgana/-tshêêgana** het geen voorbeelde opgelewer nie. Alhoewel die enkele voorbeeld wat van die vroulike vorm, **-nasêgana**, gevind is, net na 'bokke' **dipudi** verwys, is dit duidelik dat die manlike term beide bokke en beeste omskryf. Dus word aanvaar dat **-nasêgana** ook na beeste én bokke kan verwys.




KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-thamaga/-thamagana	Nkwe e patlamega gone. Ye thamaga e ile...
	...nkwe e le ye thamaga.
	Ye thamaga. (nkwe)
	...lehlalerwa ye thamaga.
	Ge kgomo...ke ye thamaga.
	Diphokwana ka moka ...le tše kgwana, le tše thamaga.
	...maputla a thamaga.
	...kobo ye thamaga.
	...meetse e le a mathamagana.

ANALISE:

Hierdie stam, **-thamaga**, word in drie uit nege gevalle, dit wil sê 34%, gebruik om ‘n ‘luiperd/tier’ **nkwe** te beskryf. Dit op sigself val vreemd op, aangesien geen sodanige verwysing in òf die woordeboeke òf in die informante se beskrywings voorgekom het nie. Waar die stam na ander diere of nie-lewende objekte verwys, is dit eerder die uitsondering as die reël. Benewens verwysings na luiperds, is drie beskrywings (33%) van ander diere gevind, naamlik ‘n ‘wildehond’ **lehlalerwa**, ‘n ‘bees’ **kgomo** en ‘bokrammetjies’ **diphokwana**. In ‘n ander 33% van gevalle (drie voorbeelde) word na nie-lewende objekte verwys, te wete ‘n ‘regiment’ **maputla**; ‘n ‘kombers’ **kobo** en ‘water’ **meetse** onderskeidelik- ‘n bevinding wat duidelik afwyk van bestaande beskouings soos deur die woordeboekinskrywings en informante- inligting weerspieël. Hoewel genoemde twee


bronne albei daarop gedui het dat hierdie stam gebruik word om beeste te beskryf, is slegs een voorbeeld in die korpus opgespoor waar die antesedent wel 'n bees as referent het.



KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-tilo/ -tilwana	...mpša e kgolo e tilo.
	Kgotho e tilo.
	...mpša ye botse e tilo.
	...sekotompa sa mpša ye tilo
	...mpša e bitšwa e tilo.
	Mpša e bitšwa ye tilo...tshadi ke ye tilwana.
	...mahlo a matilo.
	...mahlo a matilo.
	...ka mahlwana a matilwana.
	Kgomo ye tilo.
	Ke bone se setilwana. (kgomo)

ANALISE:

Uit die elf voorbeelde kan afgelei word dat die stam in ses gevalle (55%) 'honde' beskryf **mpša; kgotho**. Drie ander voorbeelde beskryf 'oogkleur' **mahlo** (27%), terwyl daar ook in twee gevalle, d.i. 18%, na 'n 'bees' **kgomo** verwys word. Wat die woordeboeke en informante se beskrywings betref, verwys beide na gedomestikeerde diere.



KLEURTERM	VOORBEELD UIT DATAKORPUS
-tšhumu	Ke pholo e tshumu.

ANALISE:

In die stam **-tšhumu** se geval, kon slegs een voorbeeld in die datakorpus opgespoor word, waar ‘n ‘os’, **pholo**, beskryf word. Geen vroulike vorm **-tšhungwana/-natšhungwana** is opgespoor nie. ‘n Sinvolle afleiding ten opsigte van die aard van die antesedent kan nie gemaak word nie. Albei ander inligtingsbronne verwys in hul beskrywings na manlike diere.

KLEURTERM	VOORBEELDE UIT DATAKORPUS
-tsokotla	Ka pudi ye tsokotla.
	Poo ye tsokotla.

ANALISE:

Slegs twee voorbeelde van die stam **-tsokotla** kon op die korpus gevind word. Aangesien beide voorbeelde na verskillende antesedente verwys, naamlik: ‘n ‘bok’ **pudi** en ‘n ‘bul/os’; ‘hings’; ‘reun’ **poo**, onderskeidelik, is dit moeilik om te bepaal watter antesedent in die meeste gevalle gebruik word. Daar kan wel aanvaar word dat hierdie stam gebruik word om ‘n kleuromskrywing van manlike diere, veral bokke en beeste te gee. Geen voorbeelde van die stam **-tsokotlana** kon gevind word nie.

Gevolgtrekking en Samevattende Tabel: Datakorpus

Die onderstaande tabel verskaf die mees gemeenskaplike beskrywings rakende die aard waarmee antesedente in die datakorpus beskryf word. Aangesien meeste terme nie op die datakorpus opgespoor kon word nie, sal slegs dié wat gevind is, omskryf word. Dieselfde benadering is gevolg in die opstel van onderstaande tabel as by **Hoofstuk 2 en 3: Gevolgtrekking en Samevattende Tabel**, buiten dat die kolom wat kleuromskrywing bespreek, ontbreek.

STAM	GESLAG	ANTESEDENT				
		Beeste	Luiperds/ tiere	Ander diere	Menslike referent	nie-lewende objekte
-hlaba	Manlik	2	-	-	1	3
-hlabana/ -nahlaba	Vroulik	2	-	-	1	3
-kêbja	Manlik	1	-	-	-	-
-kgwadi	Manlik	1	2 “Mnr luiperd- hulle”	-	-	2
-kgwana	Vroulik	1	-	2 bokke en skape	-	-
-kgwapa -kgwaapa	Manlik	1 osse	-	-	-	-
-kgwaripa	Manlik	-	-	-	-	1 skadu- wee
-kgwarpa -khunôu	Manlik	1	-	2 sebras en ander	-	3
-khulwana	Vroulik	1	-	2 sebras en ander	-	3
-nala	Manlik	1	-	2 aasvoëls slakke bokke	4	3
-phaswa	Manlik	1	-	2 swaeltjies sebras bokke	-	2
-phaswana	Vroulik	1	-	2 swaeltjies sebras bokke	-	2
-pududu	Manlik	-	-	3 beeste en bokke	1 haar- baard kleur	2

-seêga	Manlik	1	-	1 bokramme	-	-
-nasêgana	Vroulik	1	-	1 bokooie	-	-
-thamaga	Manlik	-	1	2 wildehonde beeste, bokke	-	2
-thamagana	Vroulik	-	1	2 wildehonde beeste, bokke	-	2
-tilo	Manlik	3	-	1 honde (reun)	-	2
-tilwana	Vroulik	3	-	1 honde (teef)	-	2
-tšhumu	Manlik	1 (1 ver wysing)	-	-	-	-
-tsokotla	Manlik	1 osse	-	1 bokke		

Dit is duidelik dat die gegewens soos uit die korpus verkry, in baie gevalle afwyk van dit wat in die ander twee inligtingsbronne gegee is. Veral in die geval van die stam **-hlabana/-nahlabana** verskil die korpus drasties deur die gebruik van 'n menslike referent te gee, terwyl die ander bronne na gedomestikeerde diere verwys. Nog 'n stam waarby die korpus se gebruik drasties verskil, is **-kgwaripa** (slegs een beskrywing is gevind en dit verwys na 'n 'skaduwee' en nie na 'n manlike dier, soos by beide die woordeboeke en informante, nie). Die term **-kêbja** word deur die korpus aangegee as 'n beskrywing van 'n bees, terwyl die woordeboeke en informante na manlike diere verwys. In die geval van **-thamaga** wyk die korpus af: die gebruik van die term word hier tot luipe/ds/tiermannetjies beperk, terwyl die ander bronne spesifiek na beeste verwys. Die korpus verwys ook spesifiek na honde by gebruik van die stam **-tilo** (en nie na 'n gedomestikeerde dier), asook na 'n os by die term **-tšhumu**, (waar beide ander bronne na manlike diere verwys). Die korpus bring dikwels nuwe insigte aangesien dit werklike taalgebruik reflekteer en speel dus 'n belangrike rol in hierdie studie.

HOOFSTUK 5 | SINOPSIS

Inleiding

Hierdie hoofstuk bevat 'n sinopsis van afleidings wat in hoofstukke twee tot vier gevorm is. Dit is 'n samevatting waarin die drie geraadpleegde bronne naamlik die woordeboeke, informante, asook die datakorpus, se inligting met mekaar vergelyk word om sodoende tot bepaalde gevolgtrekkings te kom, rakende die (a) basiese kleur waarmee die antesedent beskryf word en (b) die aard van die antesedent. In sekere gevalle word slegs een beskrywing by 'n bron (woordeboeke óf informante óf korpus) aangegee. Só 'n beskrywing sal wel geld indien dit met die beskrywings in 'n ander bron/bronne ooreenstem. Ten opsigte van die beskrywing van die aard van die antesedent is al drie bronne benut, maar met betrekking tot die kleurbeskrywings kon die datakorpus nie die nodige informasie verskaf nie.

Elke kleurterm sal bespreek word volgens a) die basiese kleur waarmee die antesedent beskryf word en b) die aard van die antesedent

Analise van geselekteerde kleurterme:

-hlaba

(a) Kleurbeskrywing: Dit is duidelik dat die basiese kleur wat aan hierdie term toegeken word só uiteenlopend is dat dit byna onmoontlik is om 'n sekere afleiding te maak. Volgens die woordeboeke dui **-hlaba** meestal op 'n 'bruin' kleur, die informante het egter na 'rooi en swart' verwys. Daar kan dus nie enige gevolgtrekking met betrekking tot die kleur van die stam **-hlaba** gemaak word nie.

(b) Aard: Uit die analise van inligting soos verkry uit die woordeboeke, informante en die korpus, is dit duidelik dat dit bykans onmoontlik is om gemeenskaplike eienskappe binne hierdie drie bronne uit te wys. Wat die aard van die antesedent betref, verskaf die drie bronne uiteenlopende beskrywings, naamlik 'alle gedomestikeerde manlike diere', 'bulle/osse' en 'menslike referente', respektiewelik. 'n Verwysing na beeste kom in twee

van die inligtingsbronne na voor. Dit is dus waar dat hierdie term gebruik word om na beeste te verwys, maar dit kan ook na ander diere verwys en meer verrassend nog, ook na mense en selfs nie-lewende objekte, soos deur die korpusmateriaal uitgewys.

-hlabana/-nahlaba

Kleurbeskrywing: Weereens is die kleurbeskrywings, soos deur die woordeboeke en informante verskaf, uiters uiteenlopend en derhalwe kan geen afleidings gevorm word nie. (Sien **-hlaba** vir spesifieke kleuromskrywings).

Aard: Die vroulike vorm **-hlabana/-nahlaba** skep dieselfde probleme rakende die aard van die antesedent as die manlike term **-hlaba**. Uit die geraadpleegde bronne kon geen duidelike ooreenkomste ten opsigte van die aard uitgewys word nie, behalwe dat daar in twee gevalle na ‘gedomestikeerde diere’ verwys word.

-kêbja

Kleurbeskrywing: Dit wil voorkom of die woordeboeke in meeste gevalle na ‘n ‘rooibruin kleur met wit kolle/spikkels’ verwys, terwyl die informante meer geneig is tot ‘n ‘grys en swart’ beskrywing. Aangesien die twee bronne ooglopend verskil met betrekking tot die kleurbeskrywing verbonde aan die stam **-kêbja**, kan geen gevolgtrekking gemaak word nie.

Aard: Volgens die woordeboeke en informante kan hierdie stam gebruik word om enige dier te beskryf, terwyl die datakorpus die aard van die antesedent tot beeste beperk. Hierdie term kan skynbaar gebruik word om enige manlike dier te beskryf, maar dit wil tog voorkom of dit veral gebruik word om na beeste te verwys.

-kêbjana

Kleurbeskrywing: Soos in die geval met die manlike referent, **-kêbja**, wissel die bronne se verduidelikings in só ‘n mate dat dit onmoontlik is om ‘n gevolgtrekking te maak. (Sien **-kêbja** vir volledige kleurbeskrywing).

Aard: Volgens die woordeboeke en informante word hierdie term met ‘enige vroulike dier’ geassosieer. Geen voorbeelde waar hierdie term as byvoeglike bepaler optree, kon in die datakorpus gevind word nie.

-kgwabana

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke verskaf ‘n beskrywing van ‘n ‘gespikkelde dier’, moontlik met ‘n swart en witrug, terwyl die informante geen kleurbeskrywing kon gee nie.

Aard: Slegs die woordeboeke omskryf die term **-kgwabana** as verwysend na ‘enige vroulike dier’. Geen voorbeeld is in die korpus gevind nie en die informante was ook nie met die term bekend nie.

-kgwadi

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke en informante stem ooreen aangaande die kleurbeskrywing van ‘swart en witrug’.

Aard: Volgens al drie inligtingsbronne word hierdie term gebruik om antesedente wat na bulle/osse verwys, te beskryf.

-kgwatšana/-nakgwadi

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke, sowel as informante, stem ooreen aangaande die ‘swart en wit’ kleur wat met hierdie term geassosieer word.

Aard: By die bestudering van die aard van die antesedent, is dit duidelik dat beide die woordeboeke en informante na ‘koeie/verse’ verwys. Daar kon geen voorbeelde in die korpus gevind word nie, wat daarop dui dat hierdie term ‘n lae gebruiksfrekwensie het.

-kgwapa/ -kgwaapa

Kleurbeskrywing: Beide bronne verskaf 'n kleurbeskrywing van 'swart met grys aan die nekvel'

Aard: Al drie bronne verwys in hul omskrywings van die term **-kgwapa** na 'bulle/ osse'. Derhalwe word aanvaar dat hierdie term uitsluitlik gebruik word met verwysing na 'bulle/osse'.

-kgwapana/ -kgwaapana

Kleurbeskrywing: Soos in die geval met die manlike variant, kan aanvaar word dat die vroulike term, **-kgwapana**, na 'n 'swart kleur met grys aan die nek' verwys. Hierdie afleiding word gemaak aangesien sowel die woordeboeke as die informante ooreenstem in hul basiese kleurbeskrywings.

Aard: Hierdie term verwys volgens die woordeboeke en informante na 'koeie/verse'. Alhoewel die informante slegs een verwysing gee, sal dit aanvaar word vir die doeleindes van hierdie studie aangesien hierdie verduideliking met die woordeboeke ooreenstem. Daar kon egter geen voorbeelde in die korpus gevind word nie.

-kgwaripa

Kleurbeskrywing: Beide bronne stem ooreen aangaande die 'skimmel/ gespikkelde' kleur aan hierdie term verbonde.

Aard: Volgens die woordeboeke en informante kan die antesedent van hierdie stam enige manlike dier wees. Die enkele voorbeeld wat in die korpus gevind is, het nie na 'n dier verwys nie, maar wel na 'n 'skaduwee', wat 'n duidelike afwyking van die ander beskrywings is.

-khulông/ -khulôu/ -khunông/ -khunôu

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke en informante verwys na 'n 'rooi of rooibruin' kleur verbonde aan die term **-khulông** (asook bostaande fonologiese variante).

Aard: Ten opsigte van hierdie stam geld die beperking dat die antesedent slegs na bulle/osse kan verwys.

-khulwana/ -nakhulwana/ -nakhulông

Kleurbeskrywing: Soos in die geval met die manlike vorme, bly die basiese kleur onveranderd en word ook na 'n 'rooibruin' kleur verwys.

Aard: Die geraadpleegde bronne stem weereens ooreen aangaande die aard van hierdie stam; met drie verwysings na 'koeie/verse'.

-nala

Kleurbeskrywing: Beide bronne verwys in hul kleurbeskrywings na 'rooi en witbont' -die woordeboeke brei uit met 'n verdere verwysing na 'bruin of rooi met kolle op die pens', asook die informante wat 'n 'wit pens' benadruk.

Aard: Die informante en korpus verskaf beskrywings van 'bulle', maar die woordeboeke brei hul verduidelikings uit tot 'n moontlike verbintenis met 'enige manlike dier'. Bostaande term omskryf dus veral bulle/osse, maar kan skynbaar enige manlike dier beskryf.

-nalana/ -nanalana

Kleurbeskrywing: Die vroulike variant **-nalana** stem ooreen met die kleurbeskrywings aan die term **-nala** verbonde.

Aard: Die term **-nalana/-nanalana** verwys volgens die informante uitsluitlik na ‘koeie/verse’, terwyl ‘enige vroulike dier’ meestal deur die woordeboeke omskryf word. Geen voorbeelde van die gebruik van hierdie term is in die datakorpus gevind nie.

-nkgwê/ -nkhwê

Kleurbeskrywing: Volgens die woordeboeke verwys hierdie term na ‘n ‘swart en witrug’ kleur, terwyl die informante bloot verwys na ‘gespikkeld’, sonder om ‘n spesifieke kleur aan die beskrywing te koppel.

Aard: Die woordeboeke en informante verwys na ‘enige manlike dier’. Geen voorbeelde is in die korpus gevind nie.

-kgwana/ -nkgwana/ -nkhwana/ -nakgwana

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke se kleurbeskrywing wyk effens af van dié van die informante. Eersgenoemde verwys na ‘grys onder die nek en bors’, terwyl die informante geen konsensus kon bereik nie. Daar kan aanvaar word dat hierdie stam die kleuromskrywing van ‘n vroulike dier met ‘n ‘grys kleur onder die nek en bors’ gee.

Aard: Die bronne verskaf drie uiteenlopende moontlikhede rakende die aard van die antesedent. Volgens die geraadpleegde woordeboeke word die term gebruik met verwysing na bokooie, maar volgens die informante en ook uit die voorbeelde wat uit die korpus onttrek is, word hierdie stam eerder gebruik om koeie/verse te beskryf. Die korpus het egter ook beskrywings van bokooie verskaf, dus bevestig die korpus inligting wat deur die woordeboeke aangebied word, naamlik dat die antesedent van hierdie stam na koeie/verse én bokooie kan verwys.

-phaswa

Kleurbeskrywing: Die drie inligtingsbronne gee dieselfde beskrywing van ‘n ‘swart en wit’ kleur.

Aard: Beide die informante en korpus omskryf die aard van die antesedent as verwysend na ‘bulle/osse’, maar die woordeboeke beskryf ook ‘enige manlike dier’. Dit is duidelik dat hierdie stam manlike diere, meer spesifiek bulle/osse beskryf.

-phaswana/ -naphaswana

Kleurbeskrywing: Uit die drie bronne is dit duidelik dat hierdie term op ‘n ‘swart en wit’ kleurbeskrywing dui. Volgens die woordeboeke word ‘n ‘wit kleur spesifiek op die lieste’ aangetref, terwyl die respondente na ‘n ‘wit pens’ verwys.

Aard: Volgens die informante en korpus verwys die aard van die antesedent uitsluitlik na ‘koeie/verse’. Hierdie stam omskryf dus koeie/verse, maar kan ook in sekere gevalle na ander vroulike diere verwys, soos deur die woordeboeke uitgewys.

-phefadu

Kleurbeskrywing: Dit wil voorkom of die basiese kleur van hierdie term met ‘bruin/rooibruin’ beskryf word, terwyl die informante ook na ‘grys’ verwys.

Aard: Die woordeboeke en informante verwys in hul beskrywings na ‘enige manlike dier’. Geen voorbeelde kon egter op die korpus gevind word nie.

-pheatšwana

Kleurbeskrywing: Soos in die manlike variant, **-phefadu**, se geval, beskryf die bronne hoofsaaklik ‘n ‘rooibruin’ kleur.

Aard: Volgens die woordeboeke en informante verwys die term **-pheatšwana** na ‘enige vroulike dier’. Die korpus kon geen voorbeelde oplewer nie.

-phirwa

Kleurbeskrywing: Die drie inligtingsbronne verwys na ‘swart’ as kleurbeskrywing.

Aard: Die woordeboeke gee ‘n beskrywing van ‘skaapramme’, maar die informante het egter ewe veel voorbeelde van ‘enige dier’ en ‘skaapramme’ gegee. Bostaande term verwys na enige dier, meer spesifiek skaapramme.

-phirwana/ -naphirwana

Kleurbeskrywing: Beide die woordeboeke en informante verwys na ‘n ‘swart’ kleur.

Aard: Soos in die geval van die manlike variant, word die term **-phirwana** deur die woordeboeke tot gebruik met ‘skaapooie’ beperk. Die informante dui weereens op ‘enige vroulike dier’, asook ‘skaapooie’. Geen voorbeelde van hierdie term kon in die korpus gevind word nie.

-phiswa

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke en informante verskaf kleurbeskrywings van ‘donkerbruin’. Eersgenoemde verwys meer spesifiek na ‘donkerbruin’ en die informante na ‘bruin/rooibruin’.

Aard: Volgens die woordeboeke en informante se beskrywings van die term **-phiswa**, word hoofsaaklik na ‘bulle/osse’ verwys. Die informante het ook in ewe veel gevalle verwys na ‘enige manlike dier’, dus kan manlike diere, veral beeste met hierdie term beskryf word. Die korpus bied geen voorbeelde van hierdie term.

-phiswana/-naphiswana

Kleurbeskrywing: Daar word afgelei dat bostaande term ‘n ‘donker rooibruin’ kleurbeskrywing gee.

Aard: Beide die woordeboeke asook informante verwys na ‘koeie/verse’, terwyl die informante, soos in die geval met die manlike variant, **-phiswa**, ook die term met ‘enige vroulike dier’ assosieer. Die korpus het weereens geen voorbeelde opgelewer nie.

-pududu

Kleurbeskrywing: Die twee inligtingsbronne verwys na ‘grys’ as basiese kleur.

Aard: Volgens beide die woordeboeke en korpus, kan die term **-pududu** veral na die haar/baardkleur van mense verwys. Die woordeboeke maak ook melding van ‘enige objek/dier’. Die informante verwys egter na die aard van die antesedent as ‘enige manlike dier’. Dit wil dus voorkom of bostaande term veral beskrywings van haar-baardkleur gee, maar ook diere of nie-lewende objekte kan beskryf.

-pudutšwana/ -napudutšwana

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke verwys nie, soos in die geval van die manlike variant, slegs na ‘n ‘grys’ kleur nie, maar ook na ‘n ‘skimmel’ kleur. Die informante verskaf ‘n basiese kleurbeskrywing van ‘grys’.

Aard: Die woordeboeke en informante verwys na ‘enige vroulike dier’ en dit is interessant dat die vroulike vorm nie ook ‘n beskrywing van haarkleur gee soos in die geval van die manlike vorm nie. Die korpus het geen voorbeelde opgelewer nie.

-romo/-thomo

Kleurbeskrywing: Die kleurbeskrywings van die bronne stem ooreen, met ander woorde sowel die woordeboeke as die informante verwys na ‘n swartbont kleur.

Aard: Volgens die woordeboeke verwys die antesedent wat met behulp van die stam **-romo** beskryf word, na ‘bulle/osse,’ of in die onverharde stam, **-romo**, se geval, na enige objek. Die informante gee beskrywings van ‘enige manlike dier’. Geen voorbeelde kon in die korpus gevind word nie.

-thongwana/ -nathongwana

Kleurbeskrywing: Beide bronne stem ooreen aangaande die ‘swart en wit’ kleur.

Aard: Die woordeboeke en informante gee verduidelikings van ‘enige dier’, terwyl geen voorbeelde op die korpus gevind is nie. Hierdie vroulike vorme maak nie voorsiening vir die beskrywing van ‘n nie-lewende objek soos in die manlike vorm se geval nie.

-seêga/ -tshêga/ -tshêga

Kleurbeskrywing: Volgens die woordeboeke verwys die stam **-tshêga** na ‘n ‘rooi en wit’ kleur, die informante het geen inligting rakende die kleur verskaf nie.

Aard: Volgens die woordeboeke verwys hierdie term na ‘enige dier’, terwyl die informante nie met die term bekend was nie. Die korpus verskaf ‘n seleksiebeperking van beeste of bokramme. Dit wil voorkom of bostaande term manlike diere beskryf, veral beeste/bokramme.

-seêgana/ -tshêgana/ -natsheêgana/ -nasêgana/ -natshêgana

Kleurbeskrywing: ‘n ‘Rooibont’ kleur word beskryf.

Aard: Die woordeboeke verskaf ‘n beskrywing van ‘enige vroulike dier’ terwyl die korpus voorbeelde van koeie of bokooie gee. Weereens was die informante nie met die term bekend nie. Dit wil voorkom of hierdie term vroulike diere, veral koeie en bokooie beskryf.

-thamaga/ -thamakga

Kleurbeskrywing: Beide die bronne gee ‘n kleurbeskrywing van ‘rooi en wit’. Die woordeboeke spesifiseer ‘n ‘witrug’ en die respondente ‘n ‘wit kleur vanaf die lieste tot die nek’.

Aard: Volgens die woordeboeke en informante verwys bostaande stam na ‘bulle/ osse’. Die datakorpus beskryf egter ’n ‘luiperd of tiermannetjie’.

-thamagana/-nathamagana

Kleurbeskrywing: Volgens die bronne beskryf hierdie stam ‘n ‘rooi en wit’ kleur.

Aard: Beide die woordeboeke en informante gee beskrywings van ‘koeie/verse’. Die korpus verskaf meestal voorbeelde van luiperd/ tierwyfies.

-thêtlwa

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke verskaf ‘n beskrywing van ‘wit met ‘n swart kop’, terwyl die informante na ‘rooi of bruin’ verwys. Dit is dus nie moontlik om ‘n afleiding met betrekking tot die kleur van die term te maak nie.

Aard: Die drie bronne bied wisselende beskrywings rakende die aard van die antesedent, naamlik die woordeboeke verwys na ‘skaapramme’, terwyl die informante geen konsensus bereik nie. Geen voorbeelde is in die datakorpus gevind nie.

-tilo/-tilu

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke verwys na ‘n ‘bruingestreepte’ kleur waarmee hierdie term beskryf word. Die informante bereik nie konsensus nie.

Aard: Uit die geraadpleegde inligtingsbronne is dit duidelik dat die stam **-tilo** hoofsaaklik na gedomestikeerde diere verwys. Die korpus maak meer spesifiek voorsiening vir die beskrywing van ‘honde’, oftewel reuns. Bostaande term beskryf gedomestikeerde diere, veral honde.

-tilwana

Kleurbeskrywing: Die woordeboeke verskaf dieselfde kleurbeskrywing as by die manlike vorm, naamlik ‘bruingestreep’.

Aard: Hierdie vroulike variant van die stam **-tilo** verwys na gedomestikeerde diere. Die datakorpus verwys weer spesifiek na honde.

-tšhumu

Kleurbeskrywing: Beide bronne verwys na 'n 'wit gesig', terwyl die woordeboeke meer spesifiek na 'n 'rooi of swartbont' kleur verwys.

Aard: Wanneer die bronne se beskrywings van die term **-tšhumu** ondersoek word, is dit duidelik dat beide die woordeboeke en informante na 'enige manlike dier' verwys. Die korpus verskaf egter 'n verwysing na 'osse'. 'n Verdere uitbreiding word ook by die woordeboeke se verduidelikings aangetref, naamlik 'n seleksiebeperking van 'hingste'.

-tšhungwana/ -natšhungwana

Kleurbeskrywing: Dit wil voorkom of die twee bronne saamstem aangaande die 'bles/wit' gesig wat hierdie kleurterm beskryf.

Aard: Die woordeboeke en informante stem ooreen in hul verwysings na 'enige vroulike dier', maar eersgenoemde brei effens uit deur 'merries' by te voeg. Geen voorbeelde van hierdie term kon in die korpus opgespoor word nie.

-tsima

Kleurbeskrywing: Die basiese kleur wat met behulp van die stam **-tsima** beskryf word, is 'n 'swart' kleur.

Aard: Beide die woordeboeke en informante gee verduidelikings van 'bulle/osse'. Dit wil voorkom of die gebruik van hierdie term beperk is tot verwysing na beeste, terwyl die stam **-so** 'swart' geen sodanige beperking het nie. Die korpus het geen gebruike van die term aangetoon nie.

-tsokotla

Kleurbeskrywing: Die verduidelikings van beide inligtingsbronne stem ooreen ten opsigte van die ‘skimmel’ kleurbeskrywing.

Aard: Die drie bronne verwys na ‘n ‘manlike dier’ in hul beskrywings. Die korpus verwys ook meer spesifiek na beeste en bokke.


-tsokotlana

Kleurbeskrywing: Hierdie vroulike vorm stem ooreen met die manlike variant se kleurbeskrywing van ‘n ‘skimmel kleur’.


Aard: Volgens die woordeboeke en informante word ‘enige vroulike dier’ omskryf, terwyl die korpus geen voorbeelde van bostaande term kon oplewer nie.

Hieronder volg twee grafieke wat (a) die aard van die antesedent en (b) die kleuromskrywings (van die bronne) voorstel:

a)



b)



A) Gevolgtrekking en Samevattende Tabel: die aard van die antesedent

Hierdie opsommende tabel verskaf die gevolgtrekkings (soos afgelei in **Hoofstukke 2–4**) ten opsigte van die aard van die antesedent. In hierdie tabel word die inligting van die woordeboeke, informante en datakorpus, onderskeidelik in drie kolomme langs mekaar aangedui, terwyl die vierde kolom 'n afleiding (soos gemaak uit die drie bronne se inligting) aangebied. Die korpus het slegs by sekere stamme voorbeelde opgelewer.

STAM	WOORDEBOEKE	INFORMANTE	DATAKORPUS	AFLEIDING:
-hlaba	Gedomestikeerde diere, veral beeste -menslike referent	Beeste	Menslike referent -objekte -beeste	Gedomestikeerde manlike dier -beeste -menslike referent -objekte
-hlabana/ -nahlaba	Gedomestikeerde diere, veral beeste -menslike referent	Beeste	Menslike referent -objekte -beeste	Gedomestikeerde vroulike dier -beeste -menslike referent -objekte
-kêbja	Enige dier, veral bokke en skape	Enige dier, veral beeste	Beeste	Enige manlike dier -bokke en skape -beeste
-kêbjana	Enige dier, veral bokke en skape	Enige dier, veral beeste		Enige vroulike dier -bokke en skape -beeste
-kgwabana	Enige dier	Geen inligting verskaf nie		Enige vroulike dier

-kgwadi	Beeste	Beeste	Beeste	Beeste
-kgwatšana/ -nakgwadi	Beeste	Beeste		Beeste
-kgwapa/ -kgwaapa	Beeste	Beeste <i>-(I verwysing)</i>	Beeste	Beeste
-kgwapana/ -kgwaapana	Beeste	Beeste <i>-(I verwysing)</i>		Beeste
-kgwaripa	Enige dier	Enige dier <i>-(I verwysing)</i>	Skaduwee (geen gewig gegee nie)	Enige manlike dier
-khulông/ -khulôu/ -khunông/ -khunôu	Beeste -ander diere -objekte	Beeste	Beeste	Beeste -ander diere -objekte
-khulwana/ -nakhulông/ - nakhulwana	Beeste -ander diere -objekte	Beeste	Beeste -ander diere -nie-lewende objekte	Beeste -ander diere -objekte
-nala	Enige dier, veral beeste	Beeste	Beeste -ander diere -objekte -mense	Beeste -ander diere -objekte -mense
-nalana/ -nanalana	Enige dier, veral beeste	Beeste		Beeste -enige dier
-nkgwê/ -nkhwê	Enige dier, veral beeste en bokke	Enige dier <i>-(I verwysing)</i>		Enige manlike dier -beeste en bokke
-kgwana	Bokke -beeste	Beeste		Beeste -bokke

-phaswa	Enige dier	Beeste	Beeste -ander diere -objekte	Beeste -ander diere -objekte
-phaswana/ - naphaswana	Enige dier, veral beeste	Beeste	Beeste	Beeste -enige dier
-phêfadu	Enige dier	Enige dier		Enige manlike dier
- phêfatšwana	Enige dier	Enige dier		Enige vroulike dier
-phirwa	Skaapram/hamel	Enige dier, veral skaapramme		Skaapram -enige dier
-phirwana/ -naphirwana	Skaapooi	Enige dier, veral skaapooie		Skaapooi -enige dier
-phiswa	Beeste -enige dier	Enige dier, veral beeste		Beeste -enige dier
-phiswana	Beeste -enige dier	Enige dier, veral beeste		Beeste -enige dier
-pududu	Enige objek/dier, veral haar-baard- kleur	Enige dier	Menslike haar/baardkleur -beeste -objekte	Menslike haar- baardkleur -beeste -objekte
-pudutšwana	Enige dier, veral beeste	Enige dier		Enige vroulike dier -beeste
-romo/- thomo	Beeste, -objekte	Enige objek/dier		Enige manlike dier -beeste -objekte

-thongwana/ -nathongwana	Enige dier -objekte -beeste	Enige dier		Enige vroulike dier -objek -beeste
-seêga/ -tsheêga	Enige dier, veral beeste	Geen inligting verskaf nie	Beeste en bokramme	Enige manlike dier -beeste en bokke
-seêgana/ -tsheêgana/ -nasêgana	Enige dier, veral beeste	Geen inligting verskaf nie	Beeste en bokooie	Enige vroulike dier -beeste en bokke
-thamaga/ -thamakga	Beeste -enige dier	Beeste	Luiperd/tier -ander diere -objekte	Beeste -enige dier -luiperd/tier
-thamagana/ -nathamagana	Beeste -enige dier	Beeste	Luiperd/tier -ander diere -objekte	Beeste -luiperd/tier -ander diere -objekte
-thêtlwa	Skaapramme	Geen konsensus bereik nie		Skaapramme
-tilo/-tilu	Gedomestikeerde dier -honde en beeste -enige dier	Gedomestikeerd e dier	Honde (reun) -beeste -oogkleur	Gedomestikeerd e manlike dier -honde en beeste -enige dier
-tilwana	Gedomestikeerde dier -honde en beeste -enige dier	Gedomestikeerd e dier	Honde (teef) -beeste -oogkleur	Gedomestikeerd e vroulike dier -honde en beeste -enige dier -oogkleur

-tšhumu	Enige dier, veral perde	Enige dier	Beeste <i>-(1 verwysing)</i>	Enige manlike dier -beeste -perde
-tšhungwana/ -natšhungwana	Enige dier, veral perde	Enige dier		Enige vroulike dier -beeste -perde
-tsima	Beeste <i>-(1 verwysing)</i>	Beeste		Beeste
-tsokotla	Enige dier, veral perde	Enige dier	Enige dier, veral beeste en bokke	Enige manlike dier -perde -beeste en bokke
-tsokotlana	Enige dier	Enige dier		Enige vroulike dier

B. Gevolgtrekking en Samevattende Tabel: Kleuromskrywings van die bronne

Die onderstaande tabel verskaf die gevolgtrekkings (soos afgelei uit gebruik van die woordeboeke en informante) ten opsigte van die kleurbeskrywing van die geselekteerde terme-weereens is dieselfde benadering as by Tabel A gevolg.

STAM	WOORDEBOEKE	INFORMANTE	AFLEIDING:
-hlaba	Bruin <i>-Bruin oor die nek en rug/geel kolle op die neus</i>	Rooi en swart	Geen konsensus bereik nie
-hlabana/ -nahlababa	Bruin <i>-Bruin oor nek en rug/geel kolle op die neus</i>	Rooi en swart	Geen konsensus bereik nie
-kêbja	Rooibruin <i>-Wit kolle/spikkels</i>	Grys en swart	Geen konsensus bereik nie
-kêbjana	Rooibruin <i>-Wit kolle/spikkels</i>	Grys en swart	Geen konsensus bereik nie
-kgwabana	Gespikkeld <i>-Swart met witrug</i>	Geen inligting verskaf nie	Swart en wit gespikkeld
-kgwadi	Swart en witrug	Swart en wit <i>-Wit kolle op die rug</i>	Swart en witrug
-kgwatšana/ -nakgwadi	Swart en witrug	Swart en wit <i>-Wit kolle op die rug</i>	Swart en witrug
-kgwapa/ -kgwaapa	Swart en grys aan nekvel	Swart en grys aan nekvel <i>-(1 verwysing)</i>	Swart en grys
-kgwapana/ -kgwaapana	Swart en grys aan nekvel	Swart en grys aan nekvel <i>-(1 verwysing)</i>	Swart en grys

-kgwaripa	Skimmel <i>-Gespikkeld</i>	Skimmel <i>-Kolle</i> <i>-(1 verwysing)</i>	Skimmel
-khulông/ -khulôu/ -khunông/ -khunôu	Rooibruin	Rooi/rooibruin	Rooi/rooibruin
-khulwana/ -nakhulông -nakhulwana	Rooibruin	Rooi/rooibruin	Rooi/rooibruin
-nala	Rooi en witbont <i>-Bruin of rooi met kolle op die pens</i>	Rooi en witbont <i>-Wit pens</i>	Rooi en witbont <i>-Wit pens</i>
-nalana/ -nanalana	Rooi en witbont <i>Bruin of rooi met kolle op die pens</i>	Rooi en witbont <i>-Wit pens</i>	Rooi en witbont <i>-Wit pens</i>
-nkgwê/ -nkhwê	Wit rug <i>-Swart en wit</i>	Gespikkeld <i>-(1 verwysing)</i>	Swart en witrug <i>-Gespikkeld</i>
-kgwana	Grys onder die nek en bors <i>-Gestippeld</i>	Geen konsensus bereik nie	Grys onder die nek en bors
-phaswa	Swartbont <i>-Wit kolle op lieste</i>	Swart en wit <i>-Wit pens</i>	Swart en witbont
-phaswana/ -naphaswana	Swartbont <i>-Wit kolle op lieste</i>	Swart en wit <i>-Wit pens</i>	Swart en witbont
-phefadu	Bruin	Donker rooibruin	Rooibruin
-phefatšwana	Bruin	Donker rooibruin	Rooibruin
-phirwa	Swart	Swart	Swart
-phirwana/ -naphirwana	Swart/donker	Swart	Swart
-phiswa	Donkerbruin	Donker rooibruin	Donker rooibruin

-phiswana/ -naphiswana	Donkerbruin	Donker rooibruin	Donker rooibruin
-pududu	Grys	Grys	Grys
-pudutswana/ -napudutswana	Grys/skimmel	Grys	Grys
-romo/-thomo	Swart en wit <i>-Gespikkeld</i>	Swart en wit <i>-Gespikkeld</i>	Swart en wit -Gespikkeld
-thongwana	Swart en wit <i>-Gespikkeld</i>	Swart en wit <i>-Gespikkeld</i>	Swart en wit -Gespikkeld
-seêga/ -tsheêga	Rooi en wit <i>-Gestreep</i>	Geen inligting verskaf nie	Rooi en wit gestreep
-seêgana/ -tsheêgana	Rooibont <i>-Gestreep</i>	Geen inligting verskaf nie	Rooi en witbont
-thamaga/ -thamakga	Rooi en wit <i>-Wit rug</i>	Rooi en wit <i>-Wit vanaf die lieste tot rug</i>	Rooi en witbont -Witrug
-thamagana	Rooi en wit <i>-Wit rug</i>	Rooi en wit <i>-Wit vanaf die lieste tot rug</i>	Rooi en witbont -Witrug
-thêtlwa	Wit met swart kop	Rooibruin	Geen konsensus bereik nie
-tilo/-tilu	Bruin <i>-Bruin gestreep/ kolle/gespikkeld</i>	Geen konsensus bereik nie	Bruin -Bruin gestreep/ kolle
-tilwana	Bruin <i>-Bruin gestreep/ kolle/ gespikkeld</i>	Geen konsensus bereik nie	Bruin -Bruin gestreep/ kolle
-tshumu	Bles/ wit gesig <i>-Rooi/ swartbont</i>	Wit gesig	Wit gesig
-tshungwana/ -natshungwana	Bles/wit gesig <i>-Rooi of swartbont</i>	Wit gesig <i>-Rooi of swart</i>	Wit gesig

-tsima	Swart <i>-(I verwysing)</i>	Swart	Swart
-tsokotla	Skimmel	Skimmel	Skimmel
-tsokotlana	Skimmel	Skimmel	Skimmel

SLOT

Die linguistiese ondersoek na tradisionele kleurterme, soos onderneem in hierdie studie, het die volgende resultate opgelewer [figuur (a)] wat die aard van die antesedent betref: dit is duidelik uit die grafiese voorstellings dat die bronne in 40% van gevalle aandui dat terme na 'enige dier' kan verwys. By 39% van die kleurterme word beeste uitgesonder, terwyl daar slegs by 10% van die terme na sogenaamde 'gedomestikeerde diere' asook in 8% na skape, verwys word. In 'n verdere 3% van gevalle is na menslike haar/baardkleur verwys. By die analisering van figuur (b) die kleuromskrywings, is die volgende afleidings gemaak: by 69% van die terme het die kleurbeskrywings van die twee bronne ooreengestem; by 10% van die stamme het die beskrywings binne 'n bron nie ooreengestem nie. In 8% van gevalle kon slegs een bron verduidelikings gee, 'n verdere probleem is dat daar by 13% van die terme geen eenstemmigheid tussen die twee bronne is nie. Hierdie probleme het die vergelykende element van die studie bemoeilik. By die volgende terme kon bepaalde gevolgtrekkings gemaak word: **-kgwabana** (gespikkelde swart vroulike dier met 'n witrug) **-kgwadi**, **-kgwatšana** (swartbont bees); **-kgwapa/-kgwaapa**, **-kgwapana/-kgwaapana** (swart bees met grys aan die nekvel); **-kgwaripa** (enige skimmel manlike dier); **-khulông/-khulôu/-khunông/-khunôu**, **-khulwana** (rooibruin bees); **-nala**, **-nalana/-nanalana** (rooi en witbont bees); **-phaswa**, **-phaswana** (swart en witbont bees); **-phefadu**, **-phefatswana** (enige rooibruin dier) **-phirwa**, **-phirwana** (swart skaap); **-phiswa**, **-phiswana** (donker rooibruin bees); **-pududu** (grys menslike haar-baardkleur); **-pudutswana** (grys/skimmel, vroulike dier); **-romo/-thomo**, **-thongwana** (swart en witbont dier); **-seêga/-tshêga/-tshêga**, **-tshêgana/-nasêgana** (rooi en witbont dier); **-thamaga**, **-thamagana** (rooi en witbont bees); **-tilo/-tilu**, **-tilwana** (bruin gestreepte gedomestikeerde dier); **-tshumu**, **-tshungwana** (wit gesig dier); **-tsima** (swart os); **-tsokotla**, **-tsokotlana** (skimmel dier). Die terme **-hlaba**, **-hlabana/-nahlabana**; **-thêtlwa** en **-kêbja**, **-kêbjana** verskaf probleme ten opsigte van die kleuromskrywing;

slegs die aard van die antesedent kon bepaal word, naamlik ‘gedomestikeerde dier’ ‘skaapram’ en ‘enige dier’ respektiewelik. Die manlike term **-nkgwê/-nkhwê** (swart en witbont manlike dier) en sy vroulike variant **-kgwana** (vroulike dier met grys onder die nek en bors) skep ook probleme aangesien hul kleuromskrywings drasties verskil.

Dit het geblyk uit hierdie studie dat die sogenaamde tradisionele kleurterme van Noord-Sotho nie net gebruik kan word om na diere, veral vee te verwys nie, maar dat sommige ook beskrywings van ander diere, of selfs nie-lewende objekte gee. Wat die term **-thêtlwa** betref, verskil die beskrywings wat die informante onderling verskaf drasties- ‘n verduideliking van ‘n bul en bokram (diere) word gegee, asook ‘n ‘bessie’ (plantaardige objek). Terme soos **-hlaba/-hlabana/-nahlabana** het na beide gedomestikeerde diere én mense verwys. In hierdie geval is dit die korpus wat afwyk van die ander beskrywings deur na ‘n menslike referent te verwys (terwyl beide die woordeboeke en informante na gedomestikeerde diere verwys). Hierdie term kan ook ‘n beskrywing van ‘n objek gee. ‘n Omskrywing van ‘n ‘skaduwee’ word deur die korpus aan die term **-kgwaripa** gegee, terwyl beide die ander bronne na manlike diere verwys. Die stam **-pududu** verwys weer na menslike haar/baardkleur, asook diere én objekte. Die korpus gee ook ‘n beskrywing van luiperds/tiere by die term **-thamaga/-thamakga**, terwyl die ander bronne verduidelikings van beeste gee. Die stamme **-tilo/-tilu** en **-tilwana** beskryf ook (volgens die korpus) meer spesifiek honde, terwyl die ander twee na gedomestikeerde diere in die algemeen verwys. Die datakorpus kon ook in baie gevalle nie voorbeelde van sekere terme oplewer nie, wat die vergelykende aspek van die studie bemoeilik het. Die korpus verskaf dus in meeste gevalle ‘n alternatiewe voorbeeld wat dui op werklike taalgebruik. Dit lewer bewys dat tradisionele kleurterme nie, soos algemeen aanvaar, net gebruik word om na diere, veral beeste, te verwys nie.

Dit is duidelik uit die voorafgaande studie dat daar steeds ‘n groot leemte met betrekking tot tradisionele kleurterme in die grammatikas van Noord-Sotho bestaan. Dit blyk duidelik uit die drastiese verskille wat (soms) nie slegs tussen die woordeboeke, informante en datakorpus uitgewys is nie, maar selfs tussen die bronne onderling gevind is. Met hierdie studie is gepoog om nie net ‘n klein gedeelte van hierdie leemte te vul nie, maar ook verdere navorsing op die gebied van tradisionele kleurterme aan te moedig.

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE:

Berlin, B. & Kay, P. 1969. *Basic color terms: Their universality and evolution*. Berkeley University of California Press.

Kriel, T.J. & Van Wyk, E.B. 1989. *Pukuntšu Woordeboek*. (Vierde hersiene en uitgebreide uitgawe.) Pretoria: J.L. van Schaik.

Kriel, T.J. 1950. *The New Sesotho-English Dictionary*. Johannesburg: aPb. Publishers and Booksellers.

Louwrens, L.J. 1993. Northern Sotho colour terms and semantic universals. *South African Journal of African Languages*, 1993, vol.13, no.4 p 121–128.

Mönnig, H.O. 1978. *The Pedi*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Scott, M. 1999. *Wordsmith Tools version 3*. Oxford University Press.

Ziervogel, D. & Mokgokong, P.C. 1975. *Groot Noord-Sotho woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.